
Chemists PLUS apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIII NOMMER 5 31 MAART 1978

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers



*Prof. T. van der Walt, mnr. John Vorster en mnr. P. Blom beskou die proefaanleg van die Instituut vir Petrochemiese Navorsing tydens die Eerste Minister se besoek aan Potchefstroom.*

# PUK MAAK PETROL

**'n Deurbraak is op die Puk gemaak met die ontwikkeling van 'n nuwe proses deur die Instituut vir Petrochemiese Navorsing waardeur dubbeld soveel brandstof uit steenkool verkry word as voorheen.**

LEES BINNE

Affikampus ....... 2
Om te kan droom .. 4
Studenteleiers .... 5
Hoofartikel ....... 6
Uit nr. 13 ....... 7
Orenweer ....... 8
Spektrum ....... 10
Sport ........... 11

Die Eerste Minister, mnr. John Voster, het die proefaanleg wat in Oktober 1977 in bedryf gestel is, op Vrydag, 10 Maart, kom ondersoek. Hy het op dieselfde dag ereburgerskap van Potchefstroom ontvang. Sy besoek aan die universiteit is egter vir studente geheim gehou uit vrees vir ontvoeringspogings tydens Karnaval.

**NAVORSING**

Die universiteit doen reeds vanaf 1969 navorsing oor energiebronne as plaasvervangers vir natuurlike aardolie kan dien en het nou 'n proefaanleg voltooi wat die belowende resultate van vorige navorsing reeds begin bewys.

Die Instituut vir Petrochemiese Navorsing wat ondersoek instel na die sintese van brandstof uit steenkool en ander organiese stowwe is in 1974 gestig. Daar word ook ander petrochemiese navorsing gedoen, byvoorbeeld oor die herraffinering van swart produkte. SASOL en die WNNR het die navorsingsprojek finansieel gesteun.

Prof. Tjaart van der Walt is die voorsitter van die beheerraad. Die Instituut het ook 'n uitvoerende komitee.

**PROEFAANLEG**

Die proefaanleg wat die navorsers in staat sou stel om hulle navorsingsresultate verder te ondersoek, is reeds in 1974 begin. Personeel van die Instituut het die aanleg ontwerp in samewerking met chemiese en meganiese ingenieurs van SASOL. Dit is só gedoen dat toetse onder uiteenlopende toestande met verskillende stowwe uitgevoer kan word. Mnr. P.W.E. Blom was verantwoordelik vir die ontwerp.

'n Span van die Instituut en die departement Industriële Chemie het die bouwerk gedoen wat R300 000 gekos het en in sewe maande voltooi is.

Die aanleg is veeldoelig en sal gebruik word om op baie petrochemiese terreine navorsing te doen, veral oor brandstof energie, steenkoolvervloeiing en die verkryging van olie uit steenkool.

'n Reeks kompressors en hoëdrukmeterpompe voer waterstof en die ander voermateriaal na 'n reaktor. Die proses geskied onder hoë druk en temperatuur, terwyl katalisators die proses versnel. Deur hierdie toestande te verander, kan die produk se samestelling verander word.

Die metode wat hier gevolg word, verskil van die metode wat SASOL gebruik. SASOL gebruik die indirekte metode waartydens die voermiddels eers afgebreek en dan opgebou word. Die proefaanleg van die universiteit gebruik die direkte metode. Die produk van die proses bevat ligte koolwaterstofgasse, petrolen dieselfraksies en 'n swaar brandolie. Dubbeld soveel petrol word deur hierdie proses uit steenkool verkry as by SASOL. Daar word ook baie neweprodukte gelewer. Die eerste resultate was bevredigend en dui daarop dat die ruproduk baie doeltreffender gebruik word.

Die direkte proses hou groot moontlikhede in. Deur die aanleg is 'n brug geskep tussen die universiteit en die nywerheid. Dit is veral iets besonders omdat dit iets tussen 'n laboratorium en 'n fabriek is.

Die bestuurder van die proefaanleg is mnr. Blom. Hy word bygestaan deur drie senior-operateurs en drie junior-operateurs. Tien ander mense doen aanvullende navorsing.

'n Wye reeks bykomende eksperimente word onderneem om 'n wesenlike bydrae vir Suid-Afrika op die terrein van brandstowwe-uitsteenkool te lewer. Die Instituut lewer dus 'n meer gemeenskapsgerigte diens.

**AANLEIDING**

Verskeie faktore het aanleiding gegee tot die navorsing en die proefaanleg. Die verkryging van olie uit steenkool is baie belangrik vir Suid-Afrika as gevolg van 'n dreigende olie-boikot. Die projek bevorder die selfstandigheid en verdediging van die land.

Die wêreld se ontginbare reserwes is baie beperk. As hierdie bronne aanhoudend uitgeput word, sal dit oor sowat veertig jaar opgebruik wees. Ander alternatiewe moet dus gesoek word.

# JOHN DOUW WORD 'N PUK

BIBLIOTEEK FERDINAND POSTMA

**Die bruin onderwyser van Promosa, mnr. John Douw, is nou 'n volwaardige student van die PU vir CHO.**

Ná verskeie polemieke oor die hele aangeleentheid is alle probleme nou opgelos. Mnr. Douw mag saam met die ander honneurstudente die klasse van die Departement Afrikaans-Nederlands bywoon.

Die hele probleem het ontstaan ná 'n raadsbesluit waar daar bepaal is dat anderskleuriges saam met die blankes mag klas loop indien dit vir die hele groep aanvaarbaar is.

Ná 'n geheime stemming onder die honneurstudente het dit geblyk dat almal nie tevrede sal wees met die reëling nie en moes mnr. Douw apart akademiese onderrig ontvang. Hy het geen beswaar daarteen gehad nie.

Prof. Tjaart van der Walt, die rektor, se beleid is egter om 'n student ten volle te aanvaar of glad nie te aanvaar nie.

Mnr. Douw het in 'n onderhoud aan Rapport gesê dat hy baie bly is dat hy nou as mens erken word. Hy dink die rektor is 'n wonderlike man wat weet hoe om probleme op te los.

Hoewel hy nou toegang het tot alle konferensies en besprekings van die ander studente, weet hy nie of hy dit sal bywoon nie. Die reëlings oor die gebruik van die kafeteria is nie duidelik aan hom uitgestip nie, maar hy sê hy glo nie hy sal behoefte hê om daar besoek af te lê nie.

# FORUM REËL OPENING

**Op Dinsdag 7 Februarie het die rektor die jaar se lesings geopen met skriflesing en gebed. Die Pukke was bly oor dié manier waarop die jaar begin.**

Dit het later geblyk dat daar 'n wesentlike behoefte aan so iets bestaan. Die vraag het opgekom, hoekom word elke week nie so begin nie.

Die Puk-student sê altyd hy wil deel wees van 'n eenheid, maar hy doen nie iets daaromtrent nie. Die Forumbestuur het besluit om elke Maandag openinge te organiseer. Op so 'n manier kan die Pukke deel wees van 'n geheel.

Alle Pukke – dosente sowel as studente word hartlik uitgenooi na die opening op 3 April en die daaropvolgende Maandae.

Dié Opening is vir die student en dosent daarom sal die opening waargeneem word deur mense uit dié geledere. Die openinge begin om 07h30 en is klaar voordat die klasse begin.

# TUKS OP TX

**Die Sentrale Studenteraad het op Woensdag, 22 Maart, op informele vlak met die VSR van Tuks geskakel.**

Die leiersfigure van die onderskeie kampusse het mekaar die middag by die SSR-kantoor ontmoet en is na die krieketklubhuis waar hulle gesellig saam verkeer het.

Aster, onder leiding van Leenster Pasch, Anne-Marie Jacobs en Heleen Coetzee, het gesorg vir die innerlike versterking tydens die aksie.

# Rivierpukke hou Karnaval

**Die Rivierpukke in die Vaaldriehoek het die naweek van 17 en 18 Maart weer groot fees en Karnaval in die Vaal dorpe Meyerton, Vereeniging, Sasolburg en Vanderbijlpark gehou.**

Vrydagmiddag is Meyerton besoek en met vlotte, trompoppies, kadetorkes, popkoppe en klinkende vraende blikkies het die Meyertonners deeglik bewus geraak van die aktiwiteite van hulle eie studente.

Saterdag is weer so gemaak op die ander dorpe. In teenstelling met verlede jaar het die inwoners die jillende, gillende studente ingewag – en die hande en beursies was oop.

Gemeet aan die geld wat ingerol het was die Karnaval baie geslaagd. Die vlotte was van 'n hoë standaard, die trompoppies was soos altyd pronkerig en swierig, ag, dit was sommer alles lekker.

Die Karnaval is op 'n hoë noot by die kampus afgesluit met 'n heerlike braai, bygewoon deur die dosente van die Tak.

Net so 'n laaste ietsie. Studente van die hoofkampus moet gerus kom kyk hoe bied hulle kollegas 'n Karnaval aan met net R500.

## Pukke sien Fledermaus

**Op 8 April gaan 50 PUKKE na Johannesburg om 'n uitvoering van die operette Fledermaus te gaan kyk. Dit is 'n Afrikaanse weergawe van hierdie bekende stuk en van 'n baie hoë standaard.**

Vir die PUKKE wat ongelukkig nie plek vir dié opvoering gekry het nie, bied die KULTUURRAAD die geleentheid om na die ballet Rosalinde te gaan kyk.

Die opvoering is Saterdag 29 April in die Stadskouburg in Johannesburg. Hou die plakkate dop vir verdere inligting.

# Affikampus

INTER UNIVERSITÊRE REDAKSIE

## Jool hang in weegskaal

**Die toekoms van RAU se jool is in die weegskaal.**

Volgens die owerhede moet die tyd eerder aan akademie bestee word. Tog is die doel van jool ten eerste om geld vir liefdadigheid in te samel en tweedens vir studentepret.

Verder is die akademiese jaar reeds verleng, dus sal twee dae van geen klasse nie soveel saak maak nie.

Die joolbedrywighede op RAU is hierdie jaar reeds volgens die primarius van een van die koshuise beperk. Daar is slegs een uur aan die maak van papierblommetjies bestee.

Die vraag het reeds ontstaan of daar in die toekoms nie net geld ingesamel moet word op 'n wyse wat nie die studies beinvloed nie.

Baie mense voel dat jool eers in Julie gehou moet word, wanneer konserte, atletiek en Intervarsities reeds verby is.

Een ding is duidelik, nog so 'n jool soos vanjaar sal nie deug nie.

## Fees der UPE-Feeste

**Vanjaar se Kampusfees, gaan 'n fees en 'n grote daarby wees, het mnr. Dave Lewis, S.R.-lid belas met Kampusfeesreëlings van die U.P.E. gesê. Die fees sal vanaf 31 Julie tot 5 Augustus plaasvind.**

Volgens mnr. Lewis het daar, alhoewel Kampusfees '77 'n sukses was, te min persone op die komitee gedien. Hulle was dus oorlaai met werk.

Waar Wendy Leith, 'n vorige joolkoningin, verlede jaar se groot aantrekkingskrag was, word bekende name soos Kallie Knoetze genoem vir hierdie jaar.



*Mnr. Dave Lewis Studenteraadslid belas met Kampusfees.*

'n Volwaardige program is nog nie uitgewerk nie, maar die fees sal grotendeels die vorm van verlede jaar aanneem. Daar is 'n interkoshuis bokstoernooi, studentekonsert en dan word die verrigtinge afgesluit met 'n dans in die sportsentrum.

Mnr. Danie Malan, sportsekretaris van U.P.E. is tans besig om 'n binnenshuise tennistoernooi teen die Maties te reël. Die Matietennisspan is die afgelope paar jaar onoorwonne en die sterk Uppie eerste span behoort goeie kompetisie te wees.

Daar word ook 'n wapensuitstalling deur die U.P.E.-Kommando beoog en met die samewerking van die Suid-Afrikaanse Weermag behoort dit 'n leersame en indrukwekkende uitstalling te wees.

Die Kampusfees '78 beloof om 'n hoogtepunt te wees wat geen Uppie behoort mis te loop nie.


PRO REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 Potchefstroom
TEL. 8875


## Beroep op Dome

"What are you doing in the house of God?" asked the white man.

"I have come to sweep the floors" said the black man.

"O," said the white man, "for a moment I thought you had come here to pray".

Hierdie swak "grappie" het 'n volblad beslaan in Dome, studente koerant van die Universiteit van Natal in Durban.

Dink "Dome" vir een oomblik dat sy lesers so naïef sal wees om nie die steek na die witman raak te sien nie?

Van die 23 berigte het slegs 5 betrekking op direkte studente aktiwiteite. Die res is baie subtiel ingevleg tussen linkse-politiese sieninge.

Die spotprent getuig van swak smaak. "Uittake in Azania" is onvanpas vir 'n spotprent - veral in SA se politieke klimaat. Terloops "Azania" is die naam wat die Marksistiese terreur bewegings aan SA gee - die eerste stap om 'n volk te denasionaliseer - en dit wil vir my voorkom asof Dome die siening huldig.

Kritiek op die regerende party en hul beleid kan somtyds geregverdig word, maar om sosialisme as 'n utopia voor te doen is vir moeilikheid soek.

Ek doen 'n beroep op Dome en die SR van die Universiteit van Natal om 'n meer positiewe rigting in te slaan - tot die voordeel van Blank en Nie-Blank in Suid-Afrika.

Ek plaas twee uittreksels van Dome. Dit was vir ons nodig om te sensor.

## GOKKIES „LEEN" VIR BETER

**Die Gokkies hoop om een van die sterkste sportklubs in die land te word volgens die rektor mnr. P. van der Merwe.**

Mnr. van der Merwe het intensiewe rugby en atletiekafrigting in die vooruitsig gestel. Om hom by te staan in die taak het manne soos die oud-Kovsie Gerrie Germishuys en 'n ou bekende uit Potch. mnr. Christo Snyman hulle gewig by hom ingegooi.









## KOVSIES RAAK GEMAKLIK

**Die ondersteuning wat die nuwe studentesentrum geniet het almal se stoutste verwagtinge oortref volgens mnr. D. van der Westhuizen.**

Die goedkoper en smaakliker kos was grootliks hiervoor verantwoordelik ... Die Kovsies verwelkom die langer ure volgens mnr. Van der Westhuizen.

Die sentrum bestaan uit die SR-Kantoor, Irawakantoor, sportkantore, 'n groot binnenshuise sportsaal, kafeteria, musiekkamers vir opnames, 'n restaurant, tweedehandse boekewinkel en twee sitkamers. Later sal die sitkamers van televisie voorsien word.

Studente kan hulle eie wyn saambring en plekbesprekings kan voorlopig slegs vir Sondae gedoen word.

Al klagtes teen die Sentrum is van die Senior Kovsies. Hulle meen daar is te min buite sitplekke vir eerstejaars. Dis die seniors se voorreg om binne te sit en die eerstejaars se plig om buite te sit.

## KAAP SE BESTE

**Die Universiteit van Kaapstad het beslis die beste sportsentrum in die land volgens mnr. Poenie Holm, Sportdirekteur van die Universiteit van natal in Durban.**

Mnr. Holm het geantwoord op 'n vraag hoe die Universiteit van Natal se sentrum vergelyk met ander in die land en verder gesê hy hoop om meer provinsiale en nasionale sport byeenkomste na Natal te trek.

## LEIERSKURSUS VIR RAUKIES

**'n Leierkursus om studenteleiers vir die toekoms op te lei, word deur mnr. Cobus Bekker, die SR-lid belas met studenteleiding gereël.**

Daar word beoog om studenteleiers in hul eerste en tweede studiejaar te identifiseer en op te lei in aspekte soos vergaderingsprosedure, redenaarskuns en ander aspekte van die georganiseerde studentelewe.

'n Reeks een-uur-seminare word aangebied waar studente ook geleentheid kry om die teorie prakties te beoefen.

Aangeleenthede soos die reëling van sangfeeste, lentedag, huisfunksies, joolorganisering, sekretariële en finansiële verpligtinge ens. sal gedek word.

## "JOOLPADDAS"

**Die Tukkie-jool van 1978 beloof om 'n fees te wees vir die akademies - "moeë" Tukkies.**

Talle nuwighede word by hierdie jool aangebied onder andere 'n paddaspringkompetisie. ((Die Huise word versoek om vroegtydig 'n padda te vang, af te rig en in te skryf vir die kompetisie!)

Die hart van die jool is die tradisionele joolplaas met 'n nominale toegangs bedrag van slegs een rand. Volgens mnr. Tonie Pretorius, die Joolplaas ondervoorsitter, kan almal wat die "plaas" besoek waarde vir hulle geld verwag.

Die program met 'n Romeinse tema en Julius as die hooffiguur, behels kortliks die volgende: "'n Strydwakompetisie aangevoer deur donkiekrag (eerstejaars), optredes van die "Bats, Ballyhoo en Four Jacks and a Jill", 'n biertuin, 'n "Buna and Boatrace", en 'n "Pinball"-kompetisie.

## LANGER LAATAANDE

**Meer stemme gaan op uit die Tukkie geledere aangaande verlengde laataande vir dames.**

Die algemene gevoel is dat seniordames meer algemene laataande moet kry. Laetitia Steynberg, primaria van Huis Jasmyn sou dit wou sien dat seniordames elke aand tot 23h30 (11.30) mag afkry, behalwe Donderdae ((tot 21h00) en Vrydae (24h00) en Saterdae (03h00).

Sy sien nie die nodigheid dat eerstejaars se weeksaande (behalwe Vrydagaande) verleng moet word nie want "'n ienk het eenvoudig nog nie die verantwoordelikheidsin om self te swot i.p.v. om te sleep nie".

Mnr. Ben de Klerk bepleit "oop aande elke dag vir alle dames wat tweedejaar en meer senior is. Reëlings aangaande eerstejaars kan bly soos wat dit tans is omdat dit vir hulle nog 'n aanpassingsjaar is". Onder oop aande verstaan mnr. de Klerk tot 12 uur en daarna moet die deure "dig gesluit" word.

## KOVSIES PRAAT SAAM

**Studenteraadsvergaderings mag nou deur Kovsies bygewoon word.**

Die SR poog om deur hierdie stap nouer kontak tussen die SR en KOVSIE te bewerkstellig.

Een belangrike vereiste om so 'n vergadering te mag bywoon, is dat die Kovsie stemgeregtig moet wees. Die SR-voorsitter mag ook 'n persoon toegang weier en 'n persoon gelas om die vergadering te verlaat.

# Affikampus

INTER UNIVERSITÊRE REDAKSIE

## UPE kry eie „Cachet"

**Na harde werk wat deursettingsvermoë vereis het, kan die UPE nou trots wees op sy eie kommando.**

Kmdt. Levin, hoof van die UPE Kommando sê dat die kommando sal bestaan uit voltydse studente, CAIE studente, Onderwyskollege studente, UPE Personeellede en 'n paar oud-studente. Deeltydse studente sal nie toegelaat word nie.

Die studente wat in die Weermag was en nog diensplig moet doen, is vanselfsprekend lede van die Kommando. Ander studente kan wel aansoek doen om lidmaatskap. Slegs 'n paar sleutelposte sal deur oud-studente gevul word, wat op meriete toegeken word. Studente wat aan ander soortgelyke instansies behoort, kan ook later lidmaatskap ontvang.

Die Kommando strek die mansstudente wat nog nie diensplig gedoen het nie slegs tot voordeel, want nou is die gaping tussen universiteit en militêre opleiding nie so groot nie. Die studente het dan ook 'n moontlikheid om met rang hulle opleiding te begin. 'n Gedeelte van hulle diensplig word dus saam met hulle mede-studente afgelê.

Met die vasstelling van die opleidingstydperk is periodes en ander aktiwiteite van die studente in rekening gebring, sodat, veral die akademie, nie daaronder sal lei nie.

Die toekomsplanne maak voorsiening vir basiese opleiding en seremoniële parades.

Kmdt. Levin het groot planne vir die jare vorentoe en sê dat hy dit as 'n uitdaging beskou om van sy manne op te stuur grens toe, om so ook hulle deel vir ons land by te dra.

## Tuks-Kommando kom by

**Pas vyf maande nadat die Universiteitskommando van Tuks gestig is het die manne grensdiens verrig.**

Volgens van die lede was dit 'n belewenis om saam met die Kommando te gaan diens doen. Die lede het hoofsaaklik patrollies geloop, observasieposte beman en 'n brug bewaak.

Alhoewel die Kommando nog onder sterkte is, word daar verwag dat die probleem eersdaags opgelos te word volgens die bevelvoerder kmdt. W. Louw.

## REKENAARKULLERY BY NATAL

**Die Sharpe Maatskappy het gedreig om ondersoek te laat instel na die bron van rekenaars wat die "Students Engineers Society" (SES) aan medestudente verkoop volgens die "Science Students Council" (SSC).**

'n Dispuut het ontstaan tussen die SES en SSC aangaande die verkoop van rekenaars op die kampus van die Universiteit van Natal.

Volgens die SES het dit voorgekom asof 'n tak van Etkinos op die kampus gestig is.

# TROMPOPPIES RUK OP

**Gedurende die Randse Skou gaan dit weer wemel van die trompoppies op Milnerpark. Altesaam 600 poppies gaan saamtrek vir DIE VADERLAND-TREK trompoppie wedstryd. Die totale bedrag van die borggeld beloop 'n rekordbedrag van R7 750.**

Die kompetisie vind plaas van 18 tot 22 April en 16 spanne van die verskillende universiteite en kolleges sal deelneem. Die prysuitdeling vind op 22 April plaas waar daar ook 'n volledige program aangebied sal word. Met die oog op moontlike TV dekking sal daar middag en aandvertonings wees.

Die spanne van Maties, UPE, die Pietermaritzburgse Onderwyskollege en Rhodes neem vanjaar vir die eerste maal deel. Onder die beoordelaars is bekendes soos Brigadier Carel Coetzee, adjunk-speurhoof van die Witwatersrand, die voorsitter van die Transvaalse Rugbyraad en bokspromotor, mnr. Jaap de Villiers.

## GEEN VRYSTELLING AAN UPE OPGEROEPTES

**'n Aantal mansstudente waaronder 'n S.R.-lid is Woensdag 1 Maart opgeroep vir hul militêre diensplig**

Hulle het op 6 Maart per trein uit Port Elizabeth vertrek. Die dienstydperk strek vanaf 6 Maart tot 4 April.

Alhoewel verskeie aansoek om uitstel gedoen het, is dit aan niemand verleen nie. Daar die Vrystellingsraad ook uit amptenare van dié Departement van Arbeid bestaan, kan daar nie sonder die betrokke Raad se toestemming, vrystelling verleen word nie.

## RAU SONDER LIED

**Na verskeie mislukte pogings vir 'n universiteitslied vir RAU is die taak aan mej. Louise Kruger opgedra.**

Drie liedere is vir die doel geskryf, maar slegs twee daarvan is aanvaar vir latere beoordeling.

Jannie du Toit (van Trilogie) het die musiek en woorde van een van die liedere "Diens deur Kennis" geskryf. Die ander een, "Lied vir RAU" se woorde is deur Coenie Rudolph en musiek deur Anna Rudolph geskryf.

Die liedere sal op 'n latere geleentheid deur 'n aantal musiekkenners beoordeel word.


## Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Frikkie Odendaal; Van Rooystr. 45
ASSISTENT HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze; Klooster 3468/22151/22246
REDAKTEUR RADE EN INTER-UNIVERSITÊR: Richard du Rand; Amajuba 5620
NUUSREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
REDAKTEUR MANSKOSHUISE: Lourens du Toit; Caput 22371/3375/3376
REDAKTRISE DAMESKOSHUISE: Diana Roestorf Vergeet-my-nie 5511/5512
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen; Hombré 7996/23915
SPORTREDAKTRISE: Lolla Claasen; Dorp 6017
DAMESBLADREDAKTRISE: Leenster Pasch; Klawerhof
KUNSREDAKTRISE: Millie d'Assonville; Dorp 6574
TEGNIESE REDAKTEUR: Christo Dippenaar; Caput 22371/3375/3376
REDAKTEUR VAALDRIEHOEK: Vakant
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
SEKRETARESSE: Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5511/5512
PENNINGMEESTER: Paul Slot; Dorp 23429
SPOTPRENTE: Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375-/3376
ADVERTENSIEBESTUURDER: Buks Steenkamp; Liberalia 22129


## Eerstejaars leer meer by PU

**Sowat 65 "ontluikende" Pukke het die derde Maart by Kollegeoord saamgetrek vir 'n sprankelende eerstejaarskamp.**

Baie leersame en interessante kennis is opgedoen, maar tog het die ontspanning nie agterweë gebly nie.

Die inleidingsgesprek deur 'n vorige SR-voorsitter, mnr. Fika van Rensburg, oor sleepsake op die kampus, was een van die talle hoogtepunte op die kamp. Die eerstejaars is in kleiner groepies opgedeel en daar is ywerig gedagtes oor dié en ander onderwerpe soos gesag en 'n onvoorwaardelik - Christelike en onbeskaamde Afrikaanse karakter uitgeruil.

Voor die besprekings het Jan Botha met 'n treffende kenmekaar gesorg dat die nodige kommunikasiekanale geskep is. Op 'n heel ontspanne manier het die eerstejaars die geleentheid gekry om mekaar beter te leer ken.

Die gaping tussen SSR en eerstejaars is suksesvol oorbrug toe Theuns Eloff vrae van die eerstejaars beantwoord het.

Leenster Pasch het die eerstejaar-dames toegespreek oor Aster. Sy het die algemene gedrag en drag van die dames op die kampus bespreek en hulle ook aangemoedig om aktief aan die bedrywighede van Aster deel te neem.


Die kampvuurkonsert het vir die nodige vermaak gesorg. Eerstejaars se skeppingsvermoeë is beproef - die dames moes hoede en die mans dasse uit niks produseer en na die konsert aantrek.

Die ere-gaste van die aand, Frits Eloff en Anne-Marie Jacobs, het ook as beoordelaars van die "skeppings" opgetree. Drie van die vier eerste plekke kom uit Wag-'n-Bietjie.

Ds. Ben de Klerk het Sondag die diens gelei. Na 'n tyd van "vreetsame" verkeer het 'n klomp vodde eerstejaars teruggekeer na die kampus.

## Studenteparlement Bevraagteken nuwe Grondwet

**'n Vurige bespreking oor die nuwe konstitusionele bedeling tydens die eerste studenteparlement van 1978, is 'n bydrae van die Politiese Raad om die student 'n wyer kennis oor dié bedeling te gee.**



*Prof. Tjaart van der Walt by die Rëunie van Makouvlei.*

Die parlement is saamgestel uit 'n verteenwoordiger van elke koshuis. Vir die afgelope sitting is mnr. Mayet, 'n verteenwoordiger van die Indiërraad, en mnr. Ferreira, 'n bruin onderwyser, genooi om deel te neem.

Ses punte van die nuwe bedeling sou bespreek word, maar weens 'n gebrek aan tyd kon net vier van die ses bespreek word. Die vier wat bespreek is, het gehandel oor: Die skeidingsmagte van die Indiërs, Kleurlinge en Swartes. Voorsiening vir getalsaanpassings in die Raad van Kabinette. Die Kleurlinge en Indiërs moet geken word in die referendum wat gehou word.

Dat die grondwet geensins toegepas word voordat die probleem van die stedelike swarte opgelos is nie.

Mnr. Mayet het by die bespreking van die skeidingsmagte gesê: "Stress lightnesses and not the differences."

Verskeie voorstelle is by die sitting gedoen. Daar is onder meer voorgestel dat die Kleurling en Indiërs tot volwassenheid gelei word. Verder moet alles wat gedoen word met groot verantwoordelikheid gedoen word en nie 'n weghardlopery agter die emosie aan nie.

Twee referendums moet gehou word. Een net om die idee van die bedeling te toets en 'n ander om die grondwet volledig op te stel.

Deelnemers uit die gehoor en van die parlementslede het verskeie stellings gemaak.

Die bedeling impliseer een-mens-een-stem.

Die tuislandbeleid is nie die oplossing van die rassevraagstuk nie. Die swartes buite Johannesburg is 'n permanente deel van Suid-Afrika. Dit sal 200 jaar en R800 miljoen kos om die stedelike swarte na die tuislande toe te laat verskuif.

Mnr. Ferreira het daarop gewys dat die Kleurlinge 'n Westerse kultuur het en die Blankes dus nie so groot is nie.



*INGRID VAN ZYL.*
*(Foto: Jaco Pretorius)*

# INGRID WIL PLAAS TOE

**Ingrid van Zyl, die sjampanjenooientjie van 1978, is boerenooientjie, Christenmeisie, sykouse-en-hofskoene-dame. Sy lyk Grieks: groot oë, benerige wange, strepies-glimlag.**

Sy het saam met twee broers en 'n kleinsus op Bray aan die Botswana-grens grootgeword. Die naaste dorpe is Mafeking en Vryburg en hulle moet 150 myl vir 'n kas groente ry. Haar pa boer met beeste en wild en sy wil plaas toe, want stadsvrou wil sy nie wees nie.

Op Mafeking Hoërskool het sy gematrikuleer en ook in alles gesport; deesdae speel sy net tennis. Sy wou nie kom swot nie, maar 'n modeontwerpkursus in Pretoria gevolg het. Tog gekom, glad nie spyt nie, dolgelukkig. Sy's derdejaar-B.A.?, met Bedryfs- en Personeelsielkunde en Tswana en wil graag personeelbeampte word.

Sy sou graag sommer elke dag deftige pakkies met sykouse en skoene wou aantrek en verkies daarom die winter. Sy hou verskriklik baie van skoene en serpe, herfskleure en pienk, maar niks van juweliersware nie. Sy sou graag Spaans wou dans, maar op Mafeking ...

Musieksmaak? O, lag sy, hulle sê ek't 'n swak musieksmaak, want ek hou van enige musiek. Dit moet net ontspannend wees - nie swaar klassieke musiek nie. Sy lees geweldig min en is lief vir blaai deur tydskrifte (veral die Burda's). Sy lees ook nie koerant nie, maar luister gereeld nuus om op 'n politiese hoogte van sake te bly.

Ingrid is 'n HK-lid in Vergeet-my-nie en haar portefeulje is versienings en politieke verteenwoordigster. Sy hou van die koshuislewe en Vergeet-my-nie.

Met die intervarsity teen Wits het sy geweldig gebewe, sê sy, maar toe sy opstap, was alle bewerasies weg en het alles bruisend verloop. Die Wits-nooientjie is ook maar 'n boeremeisie, sug sy verlig, en hulle het kruisbeen op die kamervloer kon sit en koffie drink.

Ingrid (én die sigeuners) sê sy dink sy gaan oud word vóór sy trou. Haar droomman moet ook ouerig wees: ambisieus, dominerend, weet-wat-hy-wil-hê. "En hy moet goed wees vir my, my standpunt in ag neem én mooi, skoon hande hê."

Ingrid voel sterk dat die mans vandag nie meer weet hoe om 'n vrou te laat vrou voel nie. Maar, sug sy, die vrou is ook nie werklik meer vrou nie. Sy dink 'n meisie moet haarself skool, daarop konsentreer om vrou te wees. Vir haar is dit geweldig belangrik dat stoel-onder-die-tafel-uittrek nie moet verlore gaan nie.

# OM TE KAN DROOM

**Net soms, so tussen die Geskiedenis I en Chemie III wens jy het al lankal die kuns bemeester om soos die Oosterlinge jou astrale liggaam te verplaas na ... soos die "Flake"-advertensie sê: 'n droomwêreld van jou eie. En al doen jy dit nou nie so tegnies perfek soos die Yogi's nie - doen jy dit op 'n eie, eie studentemanier ... en jy droom.**

Droom van 'n jou - met lang advertensienaels, bokoë met wimpers wat wie-weet-hoe-lank-is, 'n Vogue-lyf en 'n Marlene Dietrich-stem. Jy droom van 'n volstruisvere-stola, 'n rêrige syoggendrok en oumarige-satyn-pajamas. Van krokodilvelskoene, fyn goue kettinkies om jou hals en 'n parfuum wat net jy alleen besit.

Jy droom van 'n wêreld sonder referate, 'n wêreld waarin jy draairoomyse kan eet sonder om benoud op die skaal te klim, 'n wêreld van kappertjies en 'n wêreld waar daar in die aande net kerse was om by te eet.

En natuurlik ... 'n hele dag kan omgedroom word oor hom ... dat hy eendag klaviervingers moet hê en doktersnaels, dat hy sal kan verstaan as jy triestig voel op winteragtermiddae en tegelykkertyd moet hy kan weet van jou malse buie op die pawiljoen as die Pukke uitdraf.

Jy droom oor eendag dat hy jou sal wakkermaak met kitaarmusiek en witwyn ... of laatnag aan die slaap sal maak met sý stories wat jy laas by Ouma, kleintyd gehoor het ... Hy sal jou hand vat by die stopstraat, 'n rooi appel vir jou koop én dit eers opvryf voor hy dit vir jou gee, hy sal saam verlang na jou hond wat in St. 2 al dood is en lag vir jou onkundigheid oor Mazdas en boksreëls.

En al kom hy nooit of al bly jy jou lewe 'n gewone meisiekind sonder 'n Voguegesig hét jy darem jou drome. Noem dit 'n ontvlugting van die realiteit, of die onvermoë om die werklikheid in die oë te staar ... noem dit wat jy wil ... dis só nodig!

# Neutrale klere in wol is mode

**Op Saterdag 4 Maart het die bekende Marthinus Höll van Pretoria 'n skitterende modevertoning in die Sentrale Eetsaal gehou.**

Vyf professionele modelle het vir hom opgetree en die toeskouers kon hulle verwonder aan die afgerondheid van dié dames se optrede.

Marthinus Höll gebruik by uitstek wolstof vir sy skeppinge met hier en daar 'n verandering soos die egte syaandrok. Sy ontwerpe is deurgaans klassiek: Getailleerde baadjiepakke of bloeses-rokke.

Mnr. Höll is ook lief vir allerlei seinture op die rugkant van die baadjies wat die hele uitrusting 'n ietsie ekstra gee.

Hy werk hoofsaaklik met neutrale kleure: baie beige, swart en grys. Vir die studentedame het hy spesiaal klere ontwerp en hierin is hy beïnvloed deur die sigeuneridee - wye-wye rompe met grootkraagbloeses in 'n heldergeel vir die koue.

'n Tweede modevertoning is die aand deur Gert Coetzee en Julien van Rensburg gehou.

Baie van die klere wat vertoon is, is deur studente self ontwerp en vertoon.

Die gebruik van wolstof het besonder baie opgeval asook die gebruik van wit, swart en beige. Die mannekyne is nog studente en dit het die professionaliteit laat inboet, maar dit het nie soveel gehinder nie.

Tog jammer dat die Puk-dames die aksies so ontsettend traag bygewoon het. Daar is altyd klagtes dat daar te min vir die dames aangebied word.

Ai, sal 'n mens ooit die siel van 'n vrou verstaan?

## Piekniek op die Slagveld

*Adie de Wet en Gerrit Schoonhoven in 'n toneeltjie van die sjordê, **Piekniek op die Slagveld**, deur Fernando Arrabal, wat van 28 tot 31 Maart in die foyer van die P.U.-Kamertoneel opgevoer is. Leon Cloete was die regisseur en die rolverdeling het uit Freddie Rademeyer, Jaques van der Merwe, Adie de Wet, Gerrit Schoonhoven, Sulette Thompson en Lorraine Hechter bestaan.*





# KOELKOP DIE KOUE IN

**Met die April-vakansie om die draai en die winter reeds in die oggendlug is dit nodig dat elke dame moet besin oor haar wintersklerekas.**

Ongelukkig is ons nie almal bevoorreg om òf 'n pa te hê wat 'n bo-gemiddelde stywe bankrekening het, òf met 'n slagspreuk vir een of ander reukweerder 'n prys van R1 000 of wat gewen het nie. So - by die meeste van ons gaan dit noustrop en moet ons maar beplan.

- Moenie impulsief koop nie.
- As jy koop, hou 'n bepaalde kleurskema in gedagte.
- Hou jou winterskoene in gedagte: begin nou al spaar vir stewels.
- Rompe en bloeses bly staatmakers.
- Skaf neutrale kleur bloeses aan. Kleure soos beige en kameel is die ideale kleure vir ruil en pas.
- 'n Groot lomp serp wat tot op jou voete hang is 'n moet. Hiermee saam is 'n mussie vir Potch se winterkoue net die ding.
- 'n Getailleerde baadjie wat jy by jou verskillende rompe kan dra.
- Ten minste een paar goudgeel selfgebreide handskoene.

Moenie van hóm vergeet nie. Begin sommer nou al in jou vrye tydjies te brei aan 'n groot donker wollerige trui vir hom.

Lekker klaarmaak vir die koue.

STUDENTELEIERS

# THEUNS ELOFF



**Klein botteltjie, groot gif . . . wel dis seer sekerlik op Theuns Eloff van toepassing – twee jaar ná mekaar voorsitter van die studenteraad van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, tweedejaarstudent in teologie, eggenoot en pa.**

Theuns sien sy tweede jaar as voorsitter as 'n gulde geleentheid vir hom om te bou op wat verlede jaar bereik is. Een jaar is te kort om werklik resultate te bereik, omdat daar so baie onderbrekings is. Sy voorsitterskap het hom baie selfvertroue gegee. Hy sê hy geniet sy werk baie en bemeester nou eers werklik die kuns om met mense te werk.

Hy en die res van die studenteraad beoog om die beeld van die SSR beter uit te dra. Daar word nou met ander oë na die SSR gekyk as in die verlede. Hulle word gerespekteer vanweë die noue skakeling met die huiskomitees. Juis hierdeur word hul beeld na buite uitgedra. Verder wil hulle ook die akademie en studentegees bymekaar bring. In die verlede het die akademie te veel onder studentepret gely en studente moet besef hulle het 'n plig om na te kom.

Almal sien op na en verwag leiding van die voorsitter. Hy moet dus 'n sterk leier wees en nie 'n swakkeling nie. Dit veroorsaak dat Theuns dikwels moet wegkyk van homself en aan die belang van die student en veral die universiteit moet dink en daarvolgens optree. Hy was nog altyd iemand wat graag na ander se probleme luister, maar hy kry deesdae min die geleentheid. Skynbaar skrik sy posisie sy vriende af om probleme met hom te bespreek.

Aan die begin van die jaar is die studenteraad baie besig. Elke vereniging wil die SSR betrek en hulle word baie na funksies en vergaderings van die verskillende koshuise en verenigings genooi. Theuns is boonop nog redakteur van die Besembos, die PU se jaarblad. Dit is dus te verstane as hy nie tyd kry om 'n stokperdjie te beoefen nie.

Buiten al sy verpligtinge in die SSR, ruim Theuns tog tyd in vir sport. Hy speel vir die PU se eerste span rugby en het verlede jaar ook vir Wes-Transvaal gespeel. Verder is hy ook diaken van sy kerk, maar vanweë al sy pligte het hulle hom vrygestel. Hy sê hy verwaarloos sy vrou en dogtertjie baie, maar hulle verstaan. Dit maak die skaars tydjies wat hy by hulle is, soveel lekkerder. Sy vrou, Suzette, hou by Gimnasium skool.

Theuns dreig om Augustus af te tree. Dit sal egter onmoontlik wees vir iemand wat so 'n aktiewe studentelewe lei soos Theuns om hom heeltemal daaruit te onttrek.

# WIE, WAT, WAAR, WANNEER, WAAROM

**Geen wapens in koshuis**

**Koshuisinwoners** moet daarop let dat geen wapens en ammunisie in die koshuise aangehou mag word nie. Spesiale reëlings vir die berging van wapens en ammunisie kan met die Departement Sekuriteit getref word.

Volledige inligting is saamgevat in die brosjures op die kennisgewingborde in die koshuise.

**Trui vermis**

**Op** Vrydag 10 Maart tydens Karnaval het 'n persoon per abuis 'n kampustrui in die Shell-karavaan geneem wat nie syne is nie. Dit sal gaaf wees as die persoon die trui by mev. Coetzee by die SSR-kantoor kan inhandig.

**Verhuring van SSR-geboue**

**'n** Nuwe huurreglement vir die gebruik van die Totiussaal en die SSR-raadsaal is deur die SSR beskikbaar gestel.

Volgens die nuwe reglement moet besprekings vir die gebruik van die saal twee weke voor die tyd gedoen word. Die huurgeld sal bereken word op 'n dagbasis. Indien die geboue langer as vyf dae gehuur word, sal die tarief op 'n weekbasis geskied.

Die SSR hou die reg voor om te enige tyd die huurtarief op dag sowel as weekbasis te wysig sonder voorafgaande kennisgewing.

**Wapaaie vir Dorpstudente**

**Dorpstudente** moet asseblief daarop let dat Die Wapad elke tweede Vrydag beskikbaar is by die SSR-kantoor. Alle Wapaaie wat nie voor 12h00 afgehaal is nie, sal gepos word.

**Reëlings vir April-vakansie**

**Koshuisstudente** wat gedurende Aprilvakansie in die koshuise wil inwoon moet daarop let dat hulle spesiaal moet aansoek doen daarvoor.

Volledige inligting is by die HK's beskikbaar.

**Plate-aand**

**Die** musiekvereniging hou elke tweede week 'n plateaand by die konservatorium. Dit vind plaas op Maandagaande om 1930 in kamer G33. Een tipe musiek, byvoorbeeld Beethoven-simfonieë word per aand gespeel. Alle studente word uitgenooi na hierdie funksies. Daar is geen koste hieraan verbonde nie.

**Esperanto-kursus**

**Die** Esperanto-Puk hou elke Woensdagaand om 19h00 'n kursusaand vir beginners. Daar is geen koste verbonde aan bywoning van die kursusse nie en lede hoef slegs hulle boeke self te koop. Belangstellendes is steeds welkom. Die stof is nie moeilik nie en kan maklik aangeleer word. Lede wat 'n paar lesse gemis het, kan ook weer kom, aangesien verlore werk maklik ingehaal sal word.

# STAATMAKERS IS VIR ELKEEN

**Die Jukskei Staatmakerkommando is nie net vir ou Voortrekkers nie, maar vir elkeen wat in die beweging en hulle bedrywighede belangstel.**

Die Staatmakers beywer hom spesifiek om te voorsien in die behoeftes van die jongmens op Godsdienstige, psigososiale, lewensbeskoulike en kulturele vlak. Die jongmens word gelei tot volle ontplooiing van sy persoonlikheid, sodat hy op alle terreine van die samelewing sy plek kan volstaan – en bewapen is met praktiese kennis om as leier op te tree.

Vanuit die Staatmakersgeledere word goedopgeleide offisiere na kommando's gekanaliseer. Om dit te kan doen, is veral twee faktore belangrik. Daar moet weggebreek word van Verkennerlewe, en aangepas word by die volwasse lewe; en dat hierdie proses groepsgewys moet geskied. Daarom is daar in die Staatmakers plek vir nuwelinge wat nog nooit Voortrekkers was nie.

Staatmakers opereer in eie kommando's of in veldkornetskappe van kommando's. Kleiner belangstellingsgroepe bestudeer onderwerpe soos politiek, kultuur, organisasies, tuislande, grondbewaring, skietkuns, kookkuns, selfverdediging en noodhulp. Verder word diens en hulp aan verskeie instansies verleen.

Kommandant Ryk Brink skets Jukskei Staatmakers se aktiwiteite as volg: Die tema vir 1978 is Burgerlike Beskerming, of anders gestel; Paraatheid Vandag. Op die oomblik word 'n brandweerkursus deur die plaaslike brandweer aangebied. Dit sluit ondermeer teorie en prakties in – 'n naweekkamp sal ook gehou word. By voltooiing van die kursus ontvang elke kursusganger 'n lapelwapen en sertifikaat wat toon dat hy gekwalifiseerd is om hulp in noodsituasies te verleen.

Die volgende belangstellingsgroepe bestaan reeds: Die radiogroep o.l.v. Awie Verhoef wat o.m. 'n eenvoudige send- en ontvangstelletjie bou. Die Motorgroep wat die werking van die motorenjin sal bestudeer word gelei deur Lente de Kock, terwyl Fienie Verhoef se groep omstrede boeke en rolprente sal behandel. 'n Gronddiplomagroep o.l.v. Hendrik de Kock en 'n Oorlewingsgroep word ook in die vooruitsig gestel.

Die program tot die einde van Julie sien as volg daaruit:

31 Maart – 2 April – Kommandokamp – Burgerlike Beskerming

5 April – Groepsaand

11 April – Kommando-aksie – Inlywing

Vakansie – Staptoer – Oos-Transvaal

26 April – Konferensiebesprekingspunte

4-7 Mei – Staatmakerskonferensie, Potchefstroom.

10 Mei – Brandweerkursus

13 Mei – Kommando-aksie : Onderdorp

14 Mei – Kommando-aksie : Interkerk

17 Mei en 24 Mei – Groepsaand

30 Mei – Kommando-aksie: Bemoedigingsaand

17 Junie – Kommando-aksie : Brandweerkursus

21 Junie – Groepsaand

23 - 25 Junie – Kommando-aksies: Ontspanningskamp

28 Junie – Kommando-aksie : Afsluiting

Vakansie – Algemene kongres in Durban

Vir alle belangstellendes in Burgerlike Beskerming, radiowerk, oorlewingskursusse, kampe, saamsing en alles wat lekker is – die Vergadertyd van Jukskei-Staatmakers is Woensdae om 18h45 voor die Frans du Toit. Hou die plakkate dop en kontak Ryk Brink (Caput gang 1) of gooi 'n briefie in bus 58 by die SSR-kantoor.

# SWART MAG EN SWART TEOLOGIE

**'n Besinning deur Ideologika**

**Sekerlik van die mees omstrede verskynsels in Suid-Afrika vandag is die Swart Bewussynsbeweging, Swart Mag en Swart Teologie Daar was egter seker ook nog selde drie begrippe wat deur so baie mense – selfs deur besluitnemers – so verkeerd en vaag verstaan is.**

Volgens dr. Alan Boesak, 'n bruin predikant van die N.G. Kerk, is Swart bewussyn "die besef van swartmense dat hul menswees juis deur hulle swart wees daargestel word;" dat "swart mense hul nie langer skaam omdat hul swart is nie;" dat "hul vasbeslote is om nie langer aan witmens waardes geoordeel te word of langer daaraan gebonde bly nie."

Swart Mag, darenteen, is volgens hom 'n duidelike kritiek teen, en 'n aksie om, fundamentele stelsels in die gemeenskap wat swartes onderdruk of lei tot onderdrukking te verander.

Die derde begrip – Swart Teologie beskryf hy as "die teologiese besinning van swart Christene oor die situasie waarin hulle lewe en oor hulle stryd om bevryding."

Wat behoort dan die houding van die Blanke Christen hier teenoor te wees? Vooraf eers 'n paar feite:

● Die Swart Bewussynsbeweging en Swart Teologie geniet oorweldigende steun ook onder swart en bruin Christene, veral onder studente.

● Dikwels word die bewegings summier met die kommunisme vereenselwig. Volgens dié mense – bv. Boesak en Manas Buthelezi – streef Swart Teologie egter om 'n eg-Christelike Hervormingsbeweging te wees.

En ons kritiek teen die betrokke bewegings?

Ons moet deurentyd besef en aanvaar dat daar net één ware Teologie kan wees – daar is immers net een God – en dat die Christendom moet waak teen die handhawing van of 'n eensydige Swart of 'n eensydige Wit Teologie. Die blanke Christen behoort bedag te wees om nie sekere tipies-Westerse denkbeelde in die Bybel te lees nie.

Tog is die Evangelie nie vreemd aan die konkrete situasie waarin die mens leef nie, en kan die poging van die swart Christene om die boodskap van die Evangelie vir hul eie omstandighede na te vors, nie summier veroordeel word nie.

die WAPAD

# PU 'n Wêreldleier

**Dit is verblydend dat die PU vir CHO 'n groot bydrae lewer tot navorsing oor die sintese van brandstof uit steenkool. Waar dit dag vir dag al hoe duideliker word dat Suid-Afrika minder afhanklik vir die verkryging van brandstof sal moet word, kan die universiteit sy nasionale karakter positief uitleef deur ook op hierdie gebied 'n bydrae te lewer. As 'n mens in ag neem dat SASOL die leier op hierdie gebied is en dat die PU nou 'n baie meer doeltreffende proses ontwikkel het, word dit duidelik dat 'n wêreld-deurbraak gemaak is. Mag dié besef daartoe bydra dat mense wat meen dat daar van wetenskap weinig op die universiteit tereg kom, voortaan tweekeer sal dink. - J.K.**


# Hou lekker vakansie

**Die April-vakansie is al weer om die draai. 'n Mens besef dit met gemengde gevoelens: enersyds is daar verbasing dat die eerste termyn só vinnig verby gesnel het; andersyds sien jy uit na die vakansie en kan nie meer wag dat dit moet begin nie. Baie studente gaan toer. Ander gaan tuis bly, vakansie hou of studeer. Wat jy ook al doen, geniet dit! Waar jy ook al gaan, onthou dat jy 'n ambassadeur van die universiteit is. Ry versigtig, Pukke. Werk of rus voluit en kom vol ywer terug! - J.K.**

# Kyk na die klere

**Dit is 'n vermorsing van tyd om oor iets kleinliks soos kleredrag te stry. Dit wil egter voorkom of die manne sowel as die dames ontevrede is oor mekaar se kleredrag. Die Wapad voel dat elkeen sy hand in eie boesem moet steek en sorg dat sy eie kleredrag nie aanstootlik is nie. As ons kleredrag vir mekaar pynlik is om te aanskou, hoeveel te meer nie vir die dosente nie. Dit het tyd geword dat elkeen weer 'n slag na die kleredragreëls kyk en dit op homself begin toepas. Pukke, as ons die vergunning van gemaklik klere wil behou, sal ons moet regruk en sorg dat ons klere reg is.**

# Die Akademie voer 'n verloorstryd



# Uit die Woord

## IN AANVRAAG: GEESTELIKE VOLWASSENES!!

*Dis iets waarna jy smag en waarmee jy worstel, nè: om geestelik volwasse te word. Sulke mense is dringend nodig op die kampus en in die koshuise!*

*Volwasse in die geloof beteken: om met volle versekerheid te staan in die hele wil van God (Kol 4:12). Die mens wat dus God se verfrissende wil vir sy lewe verstaan en in elke situasie doen, is geestelik volwasse.*

*Wil jy weet wat God se wil vir jou is wanneer jy klasdraf, sleep, "social" ens.? Die antwoord is 'n OPDRAG aan elke christen: "MOENIE DRONK WORD VAN WYN NIE - DAARIN IS LOSBANDIGHEDE - MAAR WORD MET DIE GEES VERVUL" (Ef. 5:18). Dit beteken dat jy daagliks 'n persoonlike verhouding met die Heilige Gees moet hê. HOEKOM? Want God het sy wil aan jou deur sy Gees geopenbaar, en die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God (1 Kor 2:10).*

*Paulus skets die geweldige kontras tussen die doen van jou eiewil en die wil van God, met dié beeld: vol van wyn, sonde, wêreld - dan is jou bande los om onbeheersd jou groot bombastiese EK-doen-wat EK-wil te plesier; vol van die Gees - dan bied die Heilige Gees jou wil om Gód se wil te soek en te doen. In die beeld wat Paulus gebruik is daar ooreenkomste en verskille.*

*1. Die ooreenkomste sê veral WAT JY MOET DOEN OM GEESVERVULD TE WEES*

*a. **Gee jou oor aan die Gees:** Soos 'n dronk man hom onvoorwaardelik aan die drank oorgegee het, moet jy jou eie wil oorgee om vervang te word deur die nuwe wil van die Gees. Gaan op jou knieë en doen dit!*

*b. **Wees voortdurend gehoorsaam aan die Gees:** Die man wat hom vandag dronk drink is môre weer nugter. Om dronk te bly moet jy jou telkens weer aan die drank oorgee. As jy onder invloed en beheer van die Gees wil bly, moet jy vandag se oorgawe aan die Gees daagliks en voortdurend herhaal, en telkens vra: wat is die wil van die Gees hier?*

*c. **Laat jou regeer deur die Gees:** 'n Dronkmens se hele optrede staan in die teken daarvan dat hy deur die drank beheers word. So moet jy ook geheel en al onder die regering van die Gees kom. Die enigste manier is om gemeenskap met die Gees te hê deur Bybellees, gebed en innige omgang met ander christene.*

*d. **So word Jesus Christus in jou sigbaar:** Die Gees stel jou lewe op Hom in, en sorg dat dit op Hom gefokus bly. Die Gees wil jou daartoe bring om met vreugde te sê: EK (my eiewil) is met Christus gekruisig. EK leef nie meer nie, maar Christus leef in my.*

*2. Die verskille toon veral die PRODUK VAN 'N GEESVERVULDE LEWE*

*a. **Beheersde lewe:** Die dronkmens se eiewil botvier onbeheersd, en het 'n verlies van balans en begrip. Die Geesvervulde mens is selfbeheersd, en lewe gebalanseerd met 'n helder verstand.*

*b. **Kragtige lewe:** Die dronkmens is 'n papperd, koersloos en inisiatiefloos. Die Geesvervulde mens lewe dinamies, groei kragtig in geloof en is koersvas.*

*c. **Gestimuleerde lewe:** Alkohol is 'n depressiewe doofmiddel wat die primêre breinselle verlam, en laere, primitiewe instinkte laat oorheers. Die Gees stimuleer jou verstand om Gods wil te verstaan, jou wil om dit te doen en jou vermoë om al jou kragte daarvoor te gee.*

*d. **Produktiewe lewe:** Die dronkmens se produktiwiteit bestaan in vermorsing van tyd en energie. Die Geesvervulde mens koop die genadetyd uit, arbei opbouend en is energiek deur die krag van die Gees.*

*e. **Feestelike lewe:** Die dronkman soek drinkebroers en vier vrolik in brassery vuil feeste. Dis kortstondig. Die Geesvervulde mens het 'n vol lewe in ryke gemeenskap met God en ander christene, en beleef durende blydskap tot oorlopenstoe vol.*

*Pukchristen: 'n Geesvervulde lewe is opwindend en bevredigend! Die Gees het jou lewe oorgeneem en jou voete op die nuwe pad van God se wil gesit. Loop nou daardie pad . . . anders sal jy heen en weer in die studentelewe slinger, en die pad byster raak soos 'n dwase dronk mens!*

# WAT IS WAT DEUR WIE WEET WIE

**Iemand het eendag êrens gesê:**

"'n Gesprek is 'n akoestiese proses waarin een persoon die gedruis maak wat deur die ander persoon alleen maar verdra word omdat hy, sodra dit ophou, die vakante stilte self kan vul."

Is dit hoe ek en jy "kommunikeer?"

"Wenn das Wort heraus ist, gehört es an dem anderen," lui 'n baie waar Duitse spreekwoord.

Maar: My woorde is myne, om in die wind te strooi soos ek wil.

En joune?

Met woorde beveg ons mekaar, bespreek ons mekaar, beswadder ons mekaar, bemin ons mekaar . . .

Maar verstaan ons mekaar?

Is ons woorde nie dikwels pyle wat ons lukraak die duisternis inskiet met die hoop dat hulle die teiken tref - die doel bereik nie?

En wat maak jý met mý woorde? Verstaan jy hulle? Verdraai jy hulle? Verfoei jy hulle?

Wat is woorde nou eintlik?

Dobbelstene wat my en jou lot bepaal? Dodelike pyle wat raak en reguit skiet?

Of ongeslypte diamante waaraan ek moet slyp en skryf en wat ek in die son hou sodat ek jou in al jou fasette kan sien uitstraal? Want jou woorde word tog mos altyd weer na jou teruggekaats.

Met woorde kan ons al die ou dinge wat weer nuutgeword het aan mekaar uitwys:

Kyk - 'n kristalhelder nuwe kyk.

Luister - ook na die geluid van die stilte.

Ruik - reën en rook.

Proe - die bittersoet van swot en sommer net student-wees.

Voel - die lewe in jou en om jou.

Dan is woord nie meer wapens nie, maar word hulle wonders want - dan is daar woorde - nie net klanke nie, maar ook in die stilte - in saam kyk, saam luister, saam ruik, saam proe, saam voel - aan dinge wat groter as woord is.

Dan maak woorde sin.

# UIT NO. 13

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. – (Red).**

## Dankie vir Samewerking

Geagte Vriend,

In my hoedanigheid as Voorsitter van die Bestuurskomitee wil ek graag aan u en u kollegas baie dankie sê vir die aangename samesprekings wat ons voor die karnaval in verband met ons gesamentlike belange gehad het.

Die hoofdoel van hierdie skrywe aan u is om aan u en lede van u Komitee sowel as aan al ons studente ons hoogste waardering oor te dra vir die baie mooi samewerking tussen u, my Raad en veral ons Verkeersdepartement.

Waar ons met ons gesamentlike poging nou daarin geslaag het om probleme uit die skakel wat in die verlede ondervind was dra ek graag ons opregte dank aan een en almal van u oor.

Indien ons in die toekoms op vanjaar se voorbeeld kan voortbou sal dit 'n vreugde en prestasie wees en ek glo wel dat dit weer gedoen sal kan word.

Alle sukses aan u almal met die harde werk wat vir die res van die jaar voorlê.

Die uwe,
J.C. Oosthuizen
Voorsitter: Bestuurskomitee
Stadsraad van Potchefstroom.

## Katryn veralgemeen

Geagte Redakteur,

Ek voel diep gekrenk oor Katryn en kie (hoekom die skuilnaam Katryn en kie?) se wanbegrip omtrent mans se kleredrag in hul brief van 17 Maart in hierdie blad onder die belaglike opskrif van "Check mans kan vergeet van trou."

Eerstens veralgemeen sy darem ontsettend in haar brief, en die feit dat sy nog van 'n "blommetjies das" praat, laat my dink dat sy 'n paar eerstejaars; of was dit miskien "check" dosente gewees, want die twee groepe is na my wete al wat deesdae das op die Puk dra!

Met haar sweetpakbaadjie draend mans van die Pukstelling stem ek volkome saam, maar het sy al ooit gekyk na die dames. Wel, ek het, en baie van hulle is ook gedurig besweetpak!

Ek wil darem ook net dit sê nl. dat met my volgende deel van hierdie brief dit glad nie my mening is om te veralgemeen nie, maar daar is nogal heelwat skuldiges.

Waarvoor Katryn en kie nou so graag aan mans se hare wil staan en vat weet ek regtig nie, maar lang hare kan net so skoon en sag wees as kort hare Katryn, ek jok nie, jy kan maar voel! Of Katryn al vir "Uriah Heep" gesien het betwyfel ek, want ek het nog nooit so 'n haarstyl op die Puk gesien nie, behalwe met Wits se intervarsity. Is jy seker dit was nie Witsies gewees nie Katryn?

Op Katryn se bakbene en "stovepipe" storie laat ek my liewer nie in nie anders sal ek oor "knock knees" moet praat.

Ons is weer terug by hare, Katryn, 'n baard is nie vuil as hy hard is nie, maar het wel die vermoë om harderig te wees. Ook hier het jy weer eens vreeslik veralgemeen!

My laaste versoek wil ek tog graag aan die H.K.'s van die verskillende dames koshuise rig. Doen asb. 'n rondte in die dames se kamers en kyk of almal nog spieëls in hulle kamers het, want sowaar . . . dames ons moet in julle vaskyk, al is dit nou ook donker in die duikweg.

Ek juig oor al die dames wat weggebreek het, maar ek is bedroef oor al die verkramptes op die Puk en dit in hierdie moderne eeu.

Deon Marais
Makouvlei

## Karnaval los letsels

Karnaval was 'n fees! Die tekens hiervan is duidelik in die duikweg te lees.

Vurige koshuisliefdes se letsels is verewig op MURE, VLOERE, VENSTERS, TRAPPE (Skrap wat nie van toepassing).

Dis blommetjies en harte, seekoeie en katte, wat oornag uitslaan soos vetkolle op vuil vispapier. Liefdesintriges word in hierdie "Ikoniese eeu" (a' la H.O.D.) visueel voorgestel oor die lengte en breedte, hoogte en diepte van die Plaas.

Die probleem is egter: (Hoe onverstaanbaar dit ook vir studente blyk te wees) dat hierdie "kunswerke" nie voldoen aan die basiese norme van die Estetika nie.

So van Plaas gepraat: Getrou aan die Plaastradisie, is daar ook hier nie genoeg werk vir al ons Kraadplurade ("Rural plurals") nie; dus sal die intelligente hoogsbeskaafde intellektuele, Pukke (trek die skoen aan indien dit pas) werk opskrywe wat afgewas moet word. Sodoende dra hulle ook hul deeltjie by tot die verligting van werkskaarste in bestryding van ons ekonomiese krisis.

Ter selfder tyd is dit buitengewoon bevorderlik vir betrekkinge tussen ras en ras: Die een skryf en die ander was. Om 'n lang storie kort te maak: Die skrif is aan die muur: "Gekke en dwase skryf op mure en glase!"

PUKKE KOM HELP!!!
Janie, Maretha, Venita.

## Onregverdig

Geagte Redakteur,

Beoordeling van die vlotte het uit 300 punte getel, wat as volg ingedeel is:

Afwerking 30, Humor 25, Oorspronklikheid 20, Uitbeelding van die idioom 25 en Algemeen indruk 50.

'n Verdere 100 punte is toegeken vir die mense om die vlot waarvan popkoppe 'n groot deel uitmaak. Nog 50 punte sou toegeken word op grond van die toestand waarin die vlotte op Klerksdorp aankom. Die totaal is dus 300 punte.

Afwerking tel dus 10 persent van die totale hoeveelheid punte, wat te min is om die mense te motiveer om 'n vlot van 'n hoë standaard te bou, waarna tóg gestreef is.

Humor en oorspronklikheid was 15 persent tesame en dit was tog sekerlik die hoofdoel van die vlotbouery en karnaval. Gesonde humor en oorspronklikheid kom tog sterk na vore by so 'n studente-aksie. Dit is na my mening baie belangrik vir 'n goeie kwaliteit-vlot. Dit het egter net 25 persent van die totaal getel.

Drie-en-dertig persent is toegeken vir die mense in die vlot waarvan popkoppe 'n groot deel uitmaak. Maar van die wenvlotte het geen popkoppe gehad nie, maar mense het saamgesing om die vlotte. Dit kom daarop neer dat as 'n mens goeie vermaak reël om jou vlot, bv. in die vorm van 'n goeie orkes of koor, die standaard, humor en oorspronklikheid nie baie tel nie. Dit is werklik nie 'n motivering om 'n standaard vlot te bou nie.

Hoe kan 50 punte toegeken word vir die toestand waarin die vlotte op Klerksdorp kom voordat hulle vertrek het. Die wenner kan dus nie aangekondig word voordat die vlotte Klerksdorp gehaal het nie. Vyftig punte kan 'n groot verskil maak vir die wenvlot.

PASV is dié jaar met 'n groot gesukkel toegelaat om vlot te bou. Hulle het geen geld van die karnavalkomitee ontvang nie en moes self 'n borg soek, terwyl Liber Factus in die verlede geborg is.

Verder is dit ook duidelik gestel deur mnr. Gerhard Smith dat PASV nie weer volgende jaar toegelaat gaan word om 'n vlot te bou nie, om een of ander duistere rede, terwyl SRVP elke jaar vlotbou. Ek dink PASV het hulle baie goed van hulle taak gekwyt en hulle moet weer in die toekoms toegelaat word.

PASV behoort ook meer erkenning te kry vir die hoë standaard van hulle vlot. Hulle kan beter vaar as tiende uit dertien vlotte omdat hulle nie mense kan verplig om rondom die vlot te lawaai nie. Farmasiestudente van Makouvlei en Caput is ook nie toegelaat om by PASV te kom vlotbou nie.

Verder wou die karnavalkomitee nie toelaat om PASV-vlotbou op 'n ander terrein as die kampus toelaat nie. Word PASV nie vertrou nie? Indien nie, waarom was daar geen SSR-lid by PASV se vlotbou om te sien watter gees daar onder die farmasiestudente is nie?

Ek dink die uitslag was baie onregverdig aangesien PASV darem erkenning behoort te kry vir hul vlot. Hulle was 'n beter posisie as tiende plek werd. Die vlot was van so 'n standaard om enige tyd te kompeteer met dié van Kovsies en RAU.

Boet Botes.

# "THE OMEN" – 'N CHRISTELIKE BESKOUING

***deur Jan Malan***

**Oornag is Suid-Afrika ingeneem deur 'n boek, en kort op sy hakke het die rolprent gevolg. "The Omen" het óf die verbeelding aangegryp óf verontwaardiging uitgelok. In sommige kringe is dit veroordeel as godslasterlik en pornografies, sodat die film wat in Suid-Afrika versprei is, se slot verander is. Waar die oorspronklike film die boek aanvul en die anti-chris die aanslae op sy lewe oorleef en voortbestaan met beloftes van groot mag, sterf hy in die Suid-Afrikaanse film. Só sou hy dan nie meer godslasterlik wees nie.**

Die opspraak wat dié film verwek, is tipies van ons tyd waar die wêreld 'n onbevredigbare aptyt vir die mistieke, bo-natuurlike en okkultisme het. In dié opsig is "The Omen" produk van sy tyd. 'n Blitsverkoper boek en 'n goed bygewoonde film – 'n goudmyn in die kleine.

Die verhaal van "The Omen" is fiksie, gebasseer op gegewens in die boek "Openbaring". Die tema is die geboorte en voortbestaan van die anti-chris ten spyte van pogings om hom dood te maak. Die leser word gelaat met 'n anti-chris wat die aanslae op sy lewe oorleef het en met die simpatie van die wêreld sy adolessensie binnegaan, met suggesties van spoedige fenominale finansiële mag en gevolglik al die mag wat geld kan koop.

Die sentrale tema waarom die verhaal gebou is, is dus heeltemal in ooreenstemming met die Bybelse gegewens. Die Bybel leer van 'n menslike anti-chris wat sal kom en geweldige mag sal besit. Die duiwel is immers die na-aper van God en 'n menslike duiwel is 'n logiese uitvloeisel om Jesus se werk ongedaan te probeer maak.

Op grond van die feit dat die anti-chris met mag voortbestaan in die film, is dit as godslasterlik veroordeel, terwyl die Bybel juis die bestaan en skrikwekkende mag van die anti-chris leer. In dié opsig is die boek nie godslasterlik nie. Ook in die res van die boek is daar niks wat godslasterlik is nie.

Die twede groot beswaar was dat die film pornografies was. Daar kom wel 'n "slaapkamertoneel" in die boek voor, maar dié is allermins pornografies. Oor die uitbeelding daarvan in die film, kan elkeen vir homself besluit.

Die algemeen gangbare besware teen die film is dus ongegrond. Tog moet dié tipe verhaal wat die Bybel as bron vir sy stof betrek, baie versigtig benader word. Die Bybel is God se Selfopenbaring aan die mens en nie geskiedskrywing wat vir enige doel gebruik kan word nie. So is die opvoering van "Joseph and his amazing technicolour dreamcoat" af te keur omdat dit 'n ligsinnige en horisontale omgang is met openbaringsfeite.

Tog voel ek dat "The Omen" hom nie hieraan skuldig maak nie. Dit gaan uit van 'n feit en beskryf dus nie 'n Bybelse persoon nie. Die hoof-karakter vir "The Omen" is self geskep en hou geen verband met die Bybel nie. Oor die persoon van die anti-chris word in die Bybel niks gesê nie. Ook gee "The Omen" nie voor om profesie of toekomsvoorspelling te wees nie. Dit is suiwer fiksie, gebou om een feit, en wat nie die uiteinde van die feit na analogie van die Bybel wil beskryf nie, maar slegs die ontstaan en bestaan van die anti-chris. Die lewe en uiteinde van die antichris val buite die spektrum van die boek. "The Omen" kan byna met wetenskapfiksie vergelyk word.

Werklik gegronde besware is daar nie teen "The Omen" nie. Die vraag is dan net of al die (negatiewe en positiewe) bohaai daaroor nodig is? Waarom laat ons ons so op sleeptou neem deur die okkultisme? Iets anders as okkultisme is "The Omen" nie. Die inslag van die boek is wel anti-duiwel, maar nie christelik nie. Die bestryding van die anti-chris geskied op mistieke wyse met die hulp van duiwelbestryders wat een of ander magiese krag het om hom dood te maak. (Ongelukkig was hierdie bestryder te oud en sieklik).

Hoewel daar nie veel negatiefs oor die boek gesê kan word nie, kan daar net so min positief oor gesê word. Dit is maar net nog 'n storie wat vir 'n Christen nie nuwe perspektiewe open of opbouend is nie. Uit sy Bybel weet hy van die anti-chris en die geweldige mag wat hy sal besit, en die gepaardgaande verdrukking. Daarop bring die Bybel egter die troos van die oorwinning in Christus, en die ontvangs van die kroon deur die wat getrou was.









## Over de Voor

Vir elke Over de Voor inwoner was die pas afgelope Karnaval 'n aangename ontspanning, self 'n bron van trots. Met maar net 142 inwoners het Over de Voor teen groot getalle gekompeteer, en met sukses uit die stryd getree.

In die enkel sowel as die gemengde sêr saam met Vergeet My Nie is die kampus aan die slaap gesing. Vir manne soos Koos en Arnald en om van Annemarie nie te vergeet nie, was dit die vrugte van harde werk en vir Over de Voor nog 'n klinkende prestasie.

Met 'n aanvanklike "Pasop of jy is in die Kake" en 'n latere ekonomiese georiënteerde "Pasop of jy is in die Inflasiekake" het Over de Voor en Vergeet-my-Nie die dreigenste kake ontduik: almal tevrede gestel en die vlotkompetisie gewen. Vir almal wat so ywerig help bou het was daardie vinnige wen afkondiging nie 'n rede vir verslae gesigte nie maar 'n kroon op die harde werk van 'n wenkombinasie.

Buiten die goeie tweede plek met 'n ou trapkar en ander oorwinnings in die Mooirivierspele het Over de Voor se atlete ook nog vir 'n manjefieke vertoning in die Puk atletiek kampioenskappe gesorg. Met 'n goeie tweede plek, die beste in jare, is vir die teenstanders weggehardloop in die "nat modder" van Park Ovaal. Miskien is daar net oor hulle koppe gespring sonder om spore op die baan te los.

Met Karnaval in die geheel gesien 'n groot dankie aan ons suksesvolle eweknie, Vergeet-my-Nie. Daar word mos gesê agter 'n suksesvolle man staan 'n ewe suksesvolle vrou. Baie dankie en geluk met julle oorwinning.

Aan almal wat Over de Voor met piering oë dophou pasop die jaar gaan julle pierings kraak. Die leeu van Over de Voor gaan hard brul en die oorwinnings sal soet wees.

## Klawerhof

OP Saterdag 8 April het Klawerhof 'n interaksie met Hombré. Die groep vertrek elfuur die oggend (sodat die ongelukkiges wat nog toets skryf, ook kan saamgaan) met twee trekkers en SLEEPwaens na Boskopdam. Daar gaan ons speletjies speel en vleisbraai later die middag, en nóg later fliek by die inry. Die aand word daarna afgesluit met pannekoek, koeksisters en koffie in Klawerhof se vierkant. Ons sien almal uit na 'n lekker dag saam met die Hombrémanne!

Die afgelope paar weke het Klawerhof 'n ouma ryker geword. Dit was die rede vir tannie Lappies se breë glimlag en blink oë! Baie geluk, tannie Lappies, en baie dankie ook vir tannie sy bydrae hier in Klawerhof. Dit gaan nie ongemerk verby nie.

## Heimat

**Heimat** is nou klaar met Karnaval en wens die wenners net hartlik geluk. Aan Oosterhof wil ons ook net baie dankie sê, veral vir die wyse waarop hulle met Karnaval geëindig het.

Die Heimatters is nou baie druk besig met die akademie wat heelwat agter geraak het gedurende die afgelope feestyd. Daar word natuurlik gelet na die akademie van die eerstejaars. Heimat wil dié jaar 'n honderd persent slaagsyfer hê.

Die week ná Karnaval het stil verloop en die Heimatters het eerder gerus. Hulle beplan twee interaksies voor die vakansie.

Heimet wil net vir almal sterkte toewens met die komende toetse en sien saam met almal uit na die komende vakansie.



## Karlien

**1978** is vir Karlien 'n feesjaar vol feestye! Die feeste het sommer vroeg-vroeg begin toe die destydse dore skoonskip gemaak het op die Eerstejaarsatletiek. En te oordeel aan die trop Koedoes sleeptye by die voordeur, het hulle dieselfde verwoesting gesaai in die Hombré-harte.

Karlien kan ook terug kyk op 'n feestelike Karnaval saam met Amajuba. Dankie ouens, dit was een reuse fees en ons dink julle is bak!

Ná vele laatnag en vroeë môre oefenmarathons onder Fransie se volgehoue aanmoediging – waarin die stembande tot die uiterste toe beproef is – is Karlien se sêrgroep gereed vir die verhoog. Ewe rustig sit die klompie toe daar om hulle self geestelik in te stel vir die okasie en gou 'n laaste paar dingetjies af te rond, toe Jan Botha daar instoom met die nuus dat ons oor vier skamele minuutjies sing! Die skrik was groot, maar twee minute later het hulle weer alles onder beheer en straal hulle die beoordelaars toe. Hulle kom toe op die koop toe nog tweede ook en dit is net 'n bewys dat 'n Karliener haar nie deur sulke nietige dingetjies laat onderkry nie.

Met die PUK Kampioenskappe staan Karlieners – oud en jonk – saam en nou pryk daar twee bekers by Willenpiet in die voorportaal.

Op die huidige oomblik maak Karlieners weer 'n fees van die akademie – dis mos waarvoor ons eintlik hier is, of hoe? Dit sweet, swot en swoeg dat die rook staan, want goed begin is half gewin. Die eerstejaars was baie ywerig vir die Bros. – hulle het glad onder die sagte aanmoediging van die HK. twee oggende 6 uur gesit en swot.

'n Rooi letterdag is 1 April – Herfsfees! Osbraai! Bierfees! Aan die manne wat binne die gesigsveld van die Karliendames gekom het, net 'n klein wenkie – ag julself buitengewoon bevoorreg.

So 'n geluk tref jou net eenmaal . . . en ons hoop jy geniet dit saam met ons!



## Caput

**Caput** het dit weer gedoen. Ja, reg geraai, eerste van die manskoshuise met karnaval. Dankie Caputters, dis wat spangees kan doen. Dankie aan almal wat karnaval 'n sukses help maak het.

Ongelukkig het probleme verhoed dat Caput se nuwe trapkar betyds kon klaar wees. Toemaar ou Pyp, alles sal regkom.

Oom Bob, Percy en ou Pieda die sewes was puik. Die gees langs die veld was uitstekend, maar dis nog nie wat dit gaan wees nie. Wag maar en sien.

Op Saterdag 18 Maart het Caput se eerste en tweede spanne klaargespeel met die gedugte o/20 spanne van Adelaars in Pretoria. Die tellings was onderskeidelik 34-16 en 24-6. Dit was rugby uit die boonste rakke.

Caput se inwoners is verheug dat ons onskuld bewys is in 'n baie ongelukkige gebeurtenis by Kulu en Klawerhof. Net 'n versekering aan die dames van daardie koshuise – Caput se manne is opgevoed, maar ongelukkig is daar elemente op die PU wat ons naam wil skade aandoen. Ons sal maar daarby berus.

Nou-ja, karnaval is verby (die langnaweek ook), die toetse is hier om ongelukkig te bly. Geniet dit bulle. Geniet julle sport, en eerstejaars, swot! Julle weet wat van julle verwag word.

Net 'n woord van dank aan Heide vir hulle puik samewerking en hulle mooi dankie sê. Ook hartlik dank aan al die sêrgroepe. Solank julle nie koffie vra nie, kan julle maar sing.

Caput wil dan ook net aan Klawerhof sê dat Caput se potplante beter sal lyk in hulle eie sitkamer as in Klawerhof s'n.



## Dorpdames

**DRINGEND** gesoek!!! Ons dames van Dorp wil graag ons naam verander en is nou dringend op soek na 'n gepaste naam. Enigiemand wat iets oorspronkliks kan uitdink, is welkom om sy voorstel in bussie 100 voor die SSR-kantoor te gooi. Kom ons kyk watter deel van die kampus kom met die meeste en oulikste voorstelle!

Ons wil verder ook net vir Akker en Wynand 'n groot dankie sê vir al hulle moeite om van karnaval 'n sukses te maak. Julle twee het baie hard gewerk sodat ons ander dit net kon kom geniet. As bewys van ons dank mag julle volgende jaar maar weer karnavalkonvenors wees! Wat sê julle daarvan?

Vir eers laat ons die 'socials' eenkant sodat die akademie vir die volgende paar weke sy regmatige aandag kan kry.

## Uitspan

**Karnaval** was vir Uitspan 'n groot fees hoewel ons gewerk het dat die sweet en velle gewaai het. Al die Bere is dit eens dat Oosterhof die "bakste" Dameskoshuis op die Puk is. Die fisiese en morele ondersteuning was 'n riem onder die hart – dit lyk asof dié riem sommige harte ook in die nabye toekoms aanmekaar gaan vasbind. Daartoe het die "Fizz Pops" ook 'n positiewe bydrae gelewer. Spesiale dank aan die "Henne" van Oosterhof.

As mens die feit in ag neem dat dit die vierde jaar was wat Uitspan se trappers met die gewigtige ou "Semels" aan die trapkarwedren deelgeneem het en mens kyk na die uitslag, is dit duidelik dat die manne puik gevaar het.

Voorbereidings vir die reünie (30e herdenking van Uitspan se "geboortedag") verloop nog glad en volgens plan. Dit beloof om 'n groot fees te wees, te oordeel aan al die vergaderings van die Reünie-komitee.

Ons wil Oosterhof vriendelik uitnooi om by ons te kom vlugbal speel – met die nodige ondersteuning kan dit 'n gereelde instelling word.

Al Uitspan se inwoners (al vyf-en-twintig) het aan die sêr deelgeneem en dit baie geniet hoewel dit moeilik was om met die "kore" te kompeteer. Getrou aan die tradisie sal al 25 inwoners in die nabye toekoms opruk om die dames te gaan trakteer met ons suiwer en minder suiwer stemme.

Kêrels, die Akademie het toegeslaan. Laat ons saamstaan en hard terugslaan.



## Thaba-Jäh

**Ook** hier het die karnaval uiteindelik tot 'n einde gekom en het die manne teësinnig hul feeskrieket, wat sommer in die vierkant gespeel word, gestaak.

Die manne het ook hierdie week saam met Oppikant begin rugby oefen. Dr. Faan Jacobs het die manne al so 'n paar keer onderhande gehad en uit dié oefeninge blyk dit duidelik dat Drakenstein hierdie jaar 'n goeie rugbyspan gaan hê.

Binnekort sal ons ook in die tafeltennisliga begin deelneem. Voor die vakansie sal ons dan teen Caput, ons aartsvyande wat ons in die sewes verslaan het, speel.

In 'n "onderhoud" met die tafeltennisafrigter blyk dit duidelik dat Thaba-Jäh dié keer die botoon sal vier.

Dan ook net 'n woordjie van waarskuwing aan die dames van Klawerhof, wat ons embleem en van ons potplante geneem het.

As hulle dit weer sou waag sal ons die plaaslike speurder van die koshuis, Hennie Hoekboekwurm (moenie mislei word deur die naam nie – hy laat Cannon soos 'n lammetjie lyk), die saak laat ondersoek.



## Wanda

**Wanda** is op en wakker wat die akademiese, sport- en die politiese gebied betref. Ook die koshuis belowe om 'n gedaanteverwisseling te ondergaan.

'n Politiese aksie is Dinsdag, 21 Maart, om 20h00 in Voorhuiseetsaal gehou. Wanda en Caput het aandagtig na Dr. J.J. van Tonder geluister. Hy het die volkereverhoudings, die swartman en sy tuisland en die Nuwe Bedeling bespreek.

Flip de Bruyn, die ondervoorsitter van die Politiese Raad, het as voorsitter van die vergadering opgetree. Die geleentheid vir vrae is goed benut. Die Wandadames het die aksie as baie insiggewend beskou.

Groot dinge kan hierdie jaar van Wanda verwag word. Die dames het reeds goed presteer deur tweede in die Puk-atletiekkampioenskappe te kom. Nanda Barnard, Isabel Malan, Christine van der Vyver en Wilna Fondse het baie punte ingewin.

Ses eerstejaars van Wanda is reeds vir die finale proewe van die o/20 Puknetbalspan gekies. Hulle is Adré Olivier, Zena van der Heever, Fransa Grobler, Judy Labuschagne, Adéle Dippenaar en Gerda Saunders. Ons hou ook vir Isabel Malan en Edith Parsons in die senior spanne dop.

Anita de la Pote, Theresa van Rensburg en Maretha Delport is vir die finale proewe van die Pukhokkiespanne gekies. Die koshuishokkie begin na die Paasnaweek.

Wanda wend hierdie jaar ook 'n groot poging aan om die voorkoms van die koshuis te verbeter. Daar word gepoog om matte vir die onderste sitkamers te kry. Teëls word in die boonste sitkamers ingesit.

Wanda hoop om na die April-vakansie reeds hulle telefone in gebruik te neem. Soos verneem, word daar reeds gewerk om die nodige kabels te lê. Tot dusver moes Kasteel-dameskoshuis se telefone gebruik word.

Wanda sien na 'n interessante jaar met baie nuwe verwikkelinge uit.



## Kulu

**Kulu** het wonderbaarlik van die siekte, "karnaval", herstel. Op dié stadium is al wat 'n Kulu-dame is weer voltyds besig met haar takies as Puk. Ja-nee, die sleepaksies, akademie, sport en sports, het nou die volle aandag van almal.

Die akademie vier naas sleepaksies hoogty. Almal verdwyn ná half-agt om agter geslote deure met 'n paar boekies kontak te maak. "Stilte!" is die tydelike leuse. Vir hoe lank? Dit weet ons nie. Miskien tot 'n volgende verlowing of dalk troue aangekondig word . . .

Daar was 'n strooptog deur die koshuis. Gelukkig het die meeste dames 'n taai hand of agterwêreld as 'n grap beskou. Die strooperroriste is nog nie vasgetrek nie, maar sal deur die koshuis se spioene uitgesnuffel word. Sterkte aan hulle!

Wat mens darem nie alles sal opoffer vir 'n ordentlike ontspanningssaal nie. Dis 'n luuksheid waarsonder die Kuluhiete nog altyd moes klaarkom. Dis 'n verbouery en verbrekery en elektriese drade en natuurlik . . . stof! 'n Gekraak tussen die tande is nie meer snaaks nie.

Dan wil ons darem net noem: ons is nou wel die kleinste dameskoshuis op die PUK, maar ons het die meeste verteenwoordigers by die Pukkies: agt!

Sterkte vir almal wat nou toets skryf.

**Om 'n PUK te wees is om 'n PUK te groet**



## Wag 'n Bietjie

**Karnaval** is verby, akademie druk, toetse stroom op jou af, die langnaweek is om die draai en die langverwagte April-vakansie is oor presies twee weke.

Wag-'n-Bietjie se inwoners het karnaval geniet, van die begin tot die einde toe. Met die Kaap na Rio vaar Christine de Vos en haar span besonder goed en kom tweede. Hulle beïndruk tannie Babie dan ook nie min met hulle lappop in haar "overall" nie.

Die skopfietsspan kom vyfde, of sal ons liewers sê tweede, aangesien die spanne wat ons geklop het, almal dieselfde aantal rondtes behaal het. Die aanmoediging was groot, die Game-koeldrank vir daardie ekstra bietjie energie verfrissend en die gretige hande, besmeer met Deep Heat, meer as welkom.

Daar was 'n werktuigkundige wat die wedren met gretige oë dopgehou het. Sy het feitlik daarna uitgesien dat die wiel weer soos in die verlede moet bars. Die werktuigkundige, ene Marietha Greyling het die hele week geoefen en kon 'n skopfietswiel in presies twee minute en twee sekondes omruil.

Vrydag op die Fanie du Toit het die bont skilpad weer sy stem dik gemaak en die "ball-ball team" behaal 'n oorwinning van 2-0 oor Vergeet-my-Nie. Dankie aan al die ondersteuners wat die spelers so lekker aangemoedig het.

Saam met Klooster, dié manskoshuis van die Puk, bou Wag-'n-Bietjie dan ook 'n prag vlot en kom derde.

Klooster, julle is pikkewyne so reg na 'n skilpad se hart. Dit is jammer ons kan nie elke jaar saam met julle karnaval hou nie.

## Liberalia

Ten spyte van die feit dat karnaval reeds lank verby is, is die spore daarvan nog baie duidelik in en om die koshuis. Ons is net bly dat dit so 'n groot sukses was en wil hiermee weer eens vir Klawerhof dankie sê vir hulle getroue ondersteuning.

'n Baie geslaagde aksie is op Dinsdagaand 21 Maart deur dié twee koshuise van stapel gestuur. Ons het Dinsdagmiddag sesuur na Vanderbijlpark vertrek en die ysskaatsbaan oorgeneem. Moeg en vol blou kolle het ons die dames net betyds by die koshuis gebring.

Die afgelope week is gekenmerk deur 'n buitengewone akademiese ingesteldheid. Dit blyk dat die manne reeds vroeg in die jaar voorsorg tref vir suksesvolle eindresultate.

Gelukwensinge word gerig aan die tegniese span onder leiding van Johan Botes vir hulle installering van 'n "kabelspoor" (eintlik 'n foefies-slide) vanaf die koshuis in die rigting van die Sentrale eetsaal. Die kabel is reeds in werking en dit is net jammer dat net een op 'n keer dit kan gebruik! Ons hoop van harte dat daar reeds planne in werking sal tree vir 'n meer uitgebreide vorm van vervoer na die eetsaal.




## Heide

**Soos** na alle aktiwiteite, hetsy 'n oor-'n-koppie-koffie-kuier of 'n beleefde hoflikheidsgebaar, word daar 'n dankie uitgespreek.

So was dit dus niks minder as reg toe die dames van Heide, verteenwoordig deur die HK en eerstejaars, al singend optrek na Caput om te gaan dankie sê vir 'n heerlike karnaval.

Die ingenome inwoners van Caput het die dames verras met waterbomme wat op ware pret uitgeloop het. Dit het net die regte gees geskep om die Gonnie en dankie-sê-kaartjies aan Caput te oorhandig.

Ons wil vir tannie Wilta 'n dankie-sê blom uit haar eie tuin deur haar kamervenster gooi. Die netjiese en kleurvolle tuin vanuit ons kamervensters gesien dien as 'n inspirasie vir die akademie.

Bros is mos ook deel van akademie of hoe? Die eerstejaars het lekker akademies verkeer. Die twee uur vraestel was natuurlik na veertig minute afgehandel.

Heide mag soms stil wees, maar vier van Heide se dames is gekeur as Kapitaalskatjies vir 1978. Magdel Swanepoel spog met die eerste prys, Louise Meintjies het die tweede prys ingepalm en Eleanor Kruger en Mara Kriel het elk 'n kusvakansie gewen.

'n Interaksie met Klaradyn van Tuks lê voor die deur vir die Heideblomme op die Puk. Almal sien uit na die groot dag.

Heide voel nie bietjie trots op hulle waardige prim se sleepaskie nie. Zoks, jy moet asseblief mooi na haar kyk.



## Vergeet -my-Nie

**Die** stilte na die stom, is nou spreekwoordelik wat Vergeet-my-Nie kan sê na al die woeligheid van karnaval.

In die koshuis is daar iets snaaks besig om te gebeur. Kasparus ondervind die neiging om in die niet te verdwyn, en vermoedelik weer in die rigting van 'n manskoshuis. Om te vergoed vir die verlies van ons gelukbringer, het die H.K.-lede besluit om die grot-atmosfeer nog verder uit te brei.

Dit is regtig 'n puik verbetering en dit voel lekker om daar in te stap en net sommer gesellig te kuier. Die voorportaal het hangende plante en om atmosfeer te behou is daar touballe om die ligte.

Waar dit moeilik is om vies te lyk, was dit gladnie moeilik om die dae met vreugde af te wag vir die langnaweek nie. Terug na die welverdiende vakansie is ons gereed vir die laaste deel van die eerste kwartaal.

Om die mans te vergoed en ook om dankie te sê vir hulle sêr, stuur ons so periodiek ons bydrae uit. Vir al die vriendelikheid en koffie (soos Klooster s'n) verstewig ons net weer die nie-akademiese-bande.

Die jaar wat groot begin het, gaan al die pad nog net groot, en dis GROOT . . .!!!!!



ABIE BRUWER

# ABIE KLEUR KOSHUIS IN

**"Die student moet 'n koshuis beleef en diep ervaar. Dit is in die koshuis waar hy aan sy menswees uiting kan gee. Daarom voel ek dat dit die primarius se taak is om die koshuis-"prentjie" in te kleur – dit vir die student die moeite werd te maak." Só gesels Abie Bruwer, primarius van Klooster.**

Abie is vanjaar H.O.D.-student nadat hy verlede jaar sy B.Sc.-graad voltooi het. Soos vir sy koshuis behoort dié beskeie Suidwester volgende jaar vir dié onderwysdepartement 'n groot aanwins te wees.

Sy ouers boer naby Grootfontein, in die noorde van Suidwes-Afrika. Hy het op die dorp skoolgegaan en daar gematrikuleer voordat hy besluit het om Puk te word.

Abie speel Kloosterrugby en voel dat sport die regmatige plek in sy lewe het.

Dis egter nie al nie. Ek het mettertyd 'n liefde vir klassieke musiek ontwikkel. My kennis is maar baie oppervlakkig, maar as ek 'n paar komponiste kan uitsonder, sal dit beslis Mozart en Schubert wees. Ek wens dikwels ek het geweet in watter gemoedstemming 'n komponis was wanneer hy sekere werke geskryf het. "Ek beny regtigwaar die B.-Mus.-student", sê Abie.

Hoe sien hy sy taak as primarius van Klooster? "Ek wil vanjaar my besondere kleur inkleur. Ek wil hê dat Klooster niks minder vir sy inwoners sal beteken as ander jare nie. Hulle moet die koshuis ervaar, dit hul eie maak. Sodoende sal Klooster ook vanjaar naam maak."

# ANITA BOU BEELD



ANITA DU PLOOY

**POTCHEFSTROOM – Hulle sit in 'n gesellige kring en gesels. "Die aand toe hulle aankondig dat sy die nuwe primaria is, het sy net gehuil. En sy wou niks sê nie!" Anita du Plooy kyk half rooierig na die ander twee Oosterhofdames en 'n mens voel hoe jou toegeneëntheid teenoor die skugter juffroutjie groei.**

Sy is besig met haar HOD en is so te sê in die ware sin van die woord 'n "juffrou". Oorspronklik sou sy radiografie op Tuks gaan studeer, maar die wel en weë van die lewe het haar na Potchefstroom gelei waar sy haar BA-graad met Geskiedenis en Bybelkunde as hoofvakke behaal het.

Nadat sy die oorweldigende gedagte van haar taak as primaria verwerk het, moes sy en die vyf HK-lede hulle beywer vir die vuurdoop, nl. die koshuisdinee. Ses individue het 'n eindpoging opgelewer wat een van die hoogtepunte in die sosiale lewe van Oosterhof was.

Anita is baie ernstig toe die eerstejaars ter sprake kom. Hulle aanpassing op die PU betreffende die akademie en die kampusbedrywighede, lê haar duidelik na aan die hart. Sy het dit as een van haar grootste take beskou.

Sy ag dit ook belangrik dat al dié dames van Oosterhof moet saamwerk om hulle beeld na buite te verbeter.

Op sportgebied gaan dié dames ook meer van hulle laat hoor. Maar, hulle gaan ook 'n balans handhaaf in die opsig dat hulle steeds die koshuis met die laagste druipsyfer gaan bly. As daar nou 'n positiewe kenmerk van Oosterhof genoem kan word, is dit dat hulle baie pligsgetrou hulle akademie op datum hou.

Anita se afskeidswoorde was: "As koshuis sal ons 'In U Lig saamwerk".


# Wapad Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Frikkie Odendaal; Makouvlei 22229/23654
ASSISTENT HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze; Klooster 3468/22151/22246
REDAKTEUR RADE EN INTER-UNIVERSITÊR: Richard du Rand; Dorp 6038
NUUSREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
REDAKTEUR MANSKOSHUISE: Lourens du Toit; Caput 22371/3375/3376
REDAKTRISE DAMESKOSHUISE: Diana Roestor; Vergeet-my-nie 5511/5512
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen; Hombré 7996/23915
SPORTREDAKTRISE: Lolla Claasen; Dorp 6017
DAMESBLADREDAKTRISE: Leenster Pasch; Vergeet-my-nie 5511/5512
KUNSREDAKTRISE: Millie d'Assonville; Dorp 6574
TEGNIESE REDAKTEUR: Christo Dippenaar; Caput 22371/3375/3376
REDAKTEUR VAALDRIEHOEK: Vakant
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
SEKRETARESSE: Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5511/5512
PENNINGMEESTER: Paul Slot; Dorp 23429
SPOTPRENTE: Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375/3376
ADVERTENSIEBESTUURDER: Jurjen Suurd; Buks Steenkamp; Liberalia 22129


## Vakansiedag op kantoor

Skriller skril die skril masjien
Onder is dit warm en boontoe is dit koud,
die skeiding – komberse.
Klere toor aan in twee minute,
'n werkstas word gegryp.
– "Die baas, die baas, wat gaan hy sê, gewoonlik stipt'lik op sy tyd?" –

Die hyser
klim het
trappies weer
en vasgehak.
klim
Trappies
Vinniger en lam die bene van die klim.

By die hoofkantoor gaan aanmeld: wat gaan die base nou weer brom?
Die ligskrefie word breed en helder:
EN NOU MOTORIESE MOMENT.
Maar
NIKS
wil op my skreeu nie, al is my spiere styf gespan vir dié moment.

Verligting.
En ek onthou.
Paasmaandag.

**Pieter de Bruin**

## Vrydag is kleurbaadjiedag




# POP-SHOP IS SWAK

**Die program Pop-Shop wat elke Maandagaand oor televisie aangebied word, is seker die teleurstellendste program op die kassie.**

Hierdie program is veronderstel om jongmense se musieksmaak te bevredig, maar op die oomblik is die musiek van so 'n aard dat dit slegs 'n handjievol tevrede stel. Nie alleen is die musiek onbekend nie, maar dit is dikwels van so 'n swak gehalte dat niemand daarna wil luister nie. Mens kry ook die indruk dat daar geen moeite gedoen word met die program nie en dat dit saamgeflans word uit die eerste en beste beskikbare materiaal.

Oor die aanbieder, "Grusame Dawid", kan daar nie veel gesê word nie, behalwe dat hy met sy kinderagtige gesegdes veel eerder by 'n kinderprogram sou tuishoort.

Dit is skokkend om te sien hoeveel tieners en selfs studente na hierdie program kyk. Ter wille van die jeug se musieksmaak, moet hierdie program beslis verbeter word.

# SUIKERBOSRAND SE SANGER WORD HERDENK

**Die departement Spraakleer en Drama van die PU vir CHO lewer vanaf 7 tot 12 April sy bydrae tot die herdenkingsjaar van die digter A.G. Visser.**



1978 is A.G. Visserjaar. Op 1 Maart vanjaar het ons die honderdste herdenking van hierdie gewilde digter se geboortedag herdenk. Baie is tot dusver gesê en geskryf oor A.G. Visser, en almal is dit eens dat hy die Afrikaanse volk met sy luimige werk baie genot besorg het.

Die huldigingsprogram met die titel **Die Sanger van die Suikerbosrand** word in die P.U.-Kamertoneel aangebied. Die program dek 'n wye spektrum van sy geestige en meer ernstige werk en word vir 'n groot deel gedramatiseerd aangebied.

Die program word aangebied deur derdejaar- en na[...]graadse studente in die departement Spraakleer e[...] Drama. Paul Schutte wa[...] verlede jaar verantwoorde[...]lik was vir die spelleiding va[...] die Totiusprogram neem vanjaar die leiding by **Di[...] Sanger van die Suikerbosran[...]** waar.

Die aanbieding het as ge[...]volg van die April-vakansie [...] uiters beperkte speelvlak. Daar is net ses aanbiedings. Besprekings vir hierdie program het reeds by Pro Reg[...] geopen.

# *TWEEKOPAREND OOK TUIS*

**Die departement Spraakleer en Drama het van 6 tot 18 Maart Jean Cocteau se "Die Tweekoparend" opgevoer. Van die depart[...]ment se beste spelers het daarin opgetree en die spelleier was die departementshoof, prof. Teunis Botha. Geen wonder nie dat hierd[...] opvoering so 'n groot sukses was.**

Die kaartjies was byna alles uitverkoop nog voor die speelvlak begin het. Hier het ons dus 'n bewys gehad dat hierdie teater vir hom mettertyd so 'n goeie reputasie opgebou het dat hy en sy spelers die gehoor het nog voor die spel begin het. Die opvoering was ter ere van die rektor en sy gade, prof. en mev. Tjaart van der Walt, en dit was hulle waardig.

Van die beste spel is gelewer deur Elize Scheepers. Sy het die voordeel van die hoofrol gehad, maar ook die krag van haar talent. Naas haar sou ek Liesbet Schoeman plaas. Haar rol was natuurlik ondergeskik aan dié van Elize Scheepers, maar sy het daar iets pragtigs van gemaak, want sy weet hoe om haar stem en gelaatsuitdrukking gevarieerd te gebruik.

Die ander spelers was Peet van Rensburg, Roeloff van den Berg, Aldo Behrens en Henk Wybenga wat almal voortreflike spel gelewer het. Alles was natuurlik nie perfek nie. Elize Scheepers se tempo was soms te vinnig, dié van Aldo Behrens soms weer te stadig. Peet van Rensburg se woordelose spel was minder oortuigend as sy dialoogspel. Maar in die groot trekke gesien, was dit 'n grootste opvoering, met duur en imponerende dekor en knap byklanke en beligting.

Cocteau se drama het sekere gebreke waarvoor party spelers moes betaal, soos Roeloff van den Berg wat aan die begin 'n gesindheid teenoor die Koningin vertolk het wat nie verder ontwikkel is deur die drama nie. Die vertaling uit die Frans is goed gedoen, maar die spelleier kon meer gesnoei het.

"Die Tweekoparend" handel oor 'n digter-anargis (Peet van Rensburg) wat 'n koningin (Elize Scheepers) uit haar vorstelike eensaamheid verlos as sy op hom verlief raak. Maar van hulle liefde kom niks, omdat hulle stuit op konvensies, die gereg, die staatsinstellinge ens. Die digter-anargis sterf dan weens selfmoord, nadat hy die koningin ook om die lewe gebring het. Die twee hoogtepunte was in die tweede bedryf, waar die digter en koningin mekaar vind, soos die digter dit noem: in 'n drama wat gedroom word deu[...] iemand wat so diep slaap da[...] hy nie weet wat hy droom nie. Die tweede hoogtepunt is heel aan die einde van di[...] drama, as die pragtige e[...] hoogs emosionele droom[...]breek.

**T.T. Cloete**

# BRAHMS-AAND BEÏNDRUK

**'n Keurprogram van Brahms se tjello-, klavier- en vokale werke is op Woensdagaand (22 Maart) verlede week, deur die Musiekdepartement aan die PU vir CHO in die reeks Collegium Musicum-konserte, aangebied.**

Hoewel die konsentrasiepeil in Minette Joubert se vertolking van Brahms se Fantasieë Op. 116, vir klavier, by tye afgeplat het, het dit nie aan diepgang ontbreek nie. Die stel van innigheid, teerheid en soms speelsheid met 'n klankpalet van fyn en subtiele klanknuanses, is 'n sterkpunt in haar spel. 'n Forser klank in klimakse sal egter 'n bate wees.

Gebrek aan organiese samehang en eenheid kenmerk Werner Nel (bariton) se keuse van vyf verskillende Brahmsliedere. Dit het moeilike voordrageise aan hom gestel waardeur 'n boeiende spanningslyn soms verbreek is. Hy het egter vanweë sy mooi en voortreflike afgeronde stemkwaliteit meer as daarvoor vergoed. Daarby was sy vertolking van die immergroen Wie bist du, meine Königin, en Die Mainacht, louter musikale vreugde.

Eg Weense Gemütlichkeit het die voordrag van Brahms se 18 Liebeslieder Op. 52, vir 'n kwartet en 'n klavierduo, gekenmerk. Nuwelinge tot die Potchefstroomse konsertverhoog, Elize du Toit (alt) en Bertus Schrap (tenoor), het met die bekende en ervare Rina Hugo (sopraan) en Werner Nel (bariton), vir 'n verrassend mooi, homogene maar soepele klankkwaliteit gesorg. In 'n speelse vertolking het die nodige innigheid en warmte nie ontbreek nie. Hinderlik egter was die dikwels onsekere invalle in stadige liedere terwyl sommige van die sololiedere en duos ook nie altyd op dieselfde peil was nie. Die tintelende klaviervoordrag en begeleiding deur die bekwame klavierduo, Pieter De Villiers en Hennie Coetzee, het egter die geheel voortreflik saamgesnoer.

Konsentrasie en afgaande musikaliteit, onderskraag deur 'n goedbeheerde tegniese vaardigheid het Human Coetzee se voordrag van Brahms se Sonate vir tjello, in E-mineur Op. 38, gekenmerk. In weerwil van 'n redelik musikaal oninteressante en kleurlose tweede beweging het die ryk liriese klankvorming in die eerste en virtuose vaardigheid in die derde bewegings, deeglik beïndruk.

Dié aand het egter vir Human op 'n hoë noot afgesluit toe Dr. Anton Hartman namens die FAK, as voorsitter van die Musiekkomitee, 'n prestasie-beurs aan hom oorhandig het. Dié beurs van 'n duisend rand is die eerste prys van 'n landswye voordragkompetisie wat Human verlede jaar gewen het. Human is van voornemens om sy studie in gevorderde tjello-onderrig eersdaags in Duitsland te gaan voortsit.






# CINE-PUK BIED AAN

**Cine-Puk vertoon nog vier films voor die April-vakansie:**

- Fighting Mad: Vrydagaand 31 Maart 1978

'n Aksiefilm met Pieter Fonda in die hoofrol.

- The Omen: Saterdagaand 1 April 1978

'n Amerikaanse Ambassadeur, Robert Thorn (Gregory Peck), ruil sy eie doodgebore baba met 'n ander om, om sy vrou (Lee Remick) die skok te spaar.

Terwyl die kind, Damien (Harvey Stephens), groter word vind daar al hoe meer snaakse bonatuurlike gebeure plaas:

- die kinderoppasser van Damien hang haarself op
- haar opvolger is 'n duiwelsbesetene
- 'n fotograaf neem foto's van Damien en sy ma, terwyl hulle oppad was kerk toe
- en ontdek onheilspellende tekens op die foto's wat hy ontwikkel.

Die idee van die film is afkomstig van 'n professie uit Openbaring wat die koms van die Anti-Christus beskryf.

- Death Wish: Vrydagaand 7 April 1978

Dit is die storie van 'n liberale New Yorkse sakeman, Paul (Charles Bronson). Sy vrou, Joanna (Hope Lange) en dogter, Carol (Kathleen Tolan) word gemolesteer en verkrag. Sy vrou sterf en sy dogter word so geskok deur die voorval dat sy kranksinnig word.

Terwyl hy in Tuscon is, leer 'n kollega Ames Jaunchill vir Paul om te skiet. As afskeidsgeskenk gee hy aan Paul 'n rewolwer.

Terug in New York begi[...] hy om snags die strate te fynkam op soek na boewe. Wanneer hy aangeval word, skie[...] hy sy aanvallers dood e[...] word as gevolg daarvan, wêreldberoemd.

Tydens een van sy nagtelike ekspedisies word hy ernstig verwond. Terwyl hy i[...] die hospitaal is, vra inspekteur Ochoa (Vincent Gardinia) hom om die stad t[...] verlaat.

- The Human Factor: Saterdagaand 8 April 1978

The Human Factor is '[...] aangrypende verhaal van ee[...] man se persoonlike wraak teen 'n bende terroriste wa[...] sy vrou en kinders vermoor het.

John Kinsdale (Georg[...] Kennedy) word deur s[...] vriend Mike McAlliste[...] (John Mills) en 'n laboratoriumassistente (Rit[...] Tushingham) gehelp om di[...] moordenaars op te spoor.

Die terroriste se doel is di[...] vrylating van aantal politieke gevangenis in Wes-Europa en 'n losprys van 4 miljoen dollar. Word hierdi[...] voorwaardes nie nagekom nie, sal daar elke 24 uur '[...] Amerikaanse gesin vermoor word.

As gevolg van onvoorsiene omstandighede, word die terroristeleier, gedwing om sy planne te verander. Aangespoor deur sy wraak, tree Kinsdale ook toe tot die stryd. 'n Hewige skietery volg. Daarna word dit duidelik dat selfs briljante planne omvergewerp kan word deur die menslike element.

DIE WAPAD word gedruk deur PROMEDIA



*Die Cantare Dameskoor onder leiding van Helena Strauss, tree op 31 Maart in die Konservatoriumsaal op.*

## Poësie-Kompetisie

**DIE WAPAD** soek die beste gedig wat die Pukke kan skryf. Hierdie gedig sal ingeskryf word vir die landwye ASPU (Afrikaanse Studente Persunie) poësiekompetisie, waar dit die P.U. vir C.H.O. tussen al die ander kampusse, wat by die Afrikaanse Studentebond geaffilieer is, sal verteenwoordig.

Hou dus die volgende Wapad dop vir volledige inligting!!! . . . en begin solank om die digtersink uit die penne te laat vloei

WANT

GROOT PRYSE MOET GEWEN WORD!!!

Vir verdere besonderhede kontak Millie d'Assonville (Tel. 6574) of Gerrit Schoonhoven (Tel. 7471).

# SPORT

## PU-ATLETE BOBAAS

**Die Pukke het weer eens hulle stempel op die Wes-Transvaalse atletiekkampioenskappe, wat op Saterdag 18 Maart op Bill Swart Ovaal gehou is, afgedruk.**

Groot Piet Goosen is nou weer op dreef en met sy mooi afstand van 54,50 meter in die skyfwerp het hy die eerste plek ingepalm. Met haar gooi van 48,22 meter in die spiesgooi het Estie Robbertse bewys dat sy hierdie seisoen nog saam met die groot kanonne gaan gesels. Louis Liebenberg het 'n goeie vertoning in die 1500 m gelewer. Sy 3:49,8 verlede Maandagaand in Kovsieland het hy egter na 3:44,1 verbeter. In 'n tyd van 9:15,9 sek. het Nollie Meinthies gekwalifiseer vir die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe later vanjaar. Nog 'n pragvertoning was dié van Everhard Wiehan in die paalspring wat hy met 'n hoogte van 4,50 m gewen het.

Alison Marais het in die 100 en 200 m die Weste se juniors die hakskene gewys. Sy het 'n goeie tyd van 11,8 sek in die 100m gelewer. Vivian Louw het dieselfde twee items in die senior afdeling gewen.

**Ander uitslae is:**

**Mans:**

**100m** Gerrie van Rooyen **tweede** 11,2

**200m** Gerrie van Rooyen **derde** 22,1

**400m** Brain Schmidt **derde** in 'n kwalifiserende tyd van 48,1

**110 hekkies** Kobus Visser **tweede** 14,9

**Spiesgooi** Wouter de Vos **tweede** 48,53

**Dames:**

**400m** Alta Stander 55,7

**1 500m** M. Barnard 4:54,3

**100m hekkies** Alison Marais tweede 15,1. I. Malan derde 15,3.

Dit blyk dat daar heelwat meer diepte in vanjaar se Dalrymplespan sal wees.




*Die bestuur van die Puk-muurbalklub is voor: Mellie de Beer en Joan Basson. Agter v.l.n.r.: Jim van Zyl, Wynand Mans, James Honiball en Jan van der Klashorst. (Foto - Jaco Pretorius).*

## Studentemuurbalklub

**Die Puk het nou sy eie studente-muurbalklub gestig nadat die Puk-personeel afgestig het om hul eie klub te vorm. Albei die klubs neem aan die Wes-Transvaalse liga deel. Met die nuwe bestuur van die studenteklub naamlik:**

Jim van Zyl : Voorsitter
James Honiball : o/Voorsitter
Mellie de Beer : Sekretaresse
Jan van den Klashorst : Addisionele lid
Wynand Mans : Klubkaptein
Joan Basson : Klubkapteine

gaan die Muurbalklub probeer om hierdie jaar groot hoogtes te bereik. Daar gaan aan albei intervarsities, teen RAU en UOVS, deelgeneem word en ook 'n span na die SAU-toernooi gestuur word.

Drie mans- en twee damesspanne is in die Wes-Transvaal liga ingeskryf. Daar is 'n koshuisliga waaraan alle koshuise sal deelneem. As gevolg van die feit dat daar beperkte fasiliteite is, is dit noodsaaklik dat net lede die bane mag gebruik. Ledekaarte is by die Sportinstituut verkrygbaar teen R8.00 per jaar.

Muurbal is een van die sportsoorte wat die afgelope paar jaar die meeste veld gewen het. Met die nuwe studentesentrum se voltooiing sal die Puk kan spog met 6 bane, waarvan een met 'n glas-agtermuur.

Dat die Puk sy stem in die toekoms op die Muurbalbane gaan dikmaak is 'n feit. Die spelers is almal baie entoesiasties en gereelde spanoefeninge word gehou. Met sulke vasberadenheid en motivering kan die Puk se studentemuurbal net van krag tot krag gaan.

Vir die beginners word daar beginners-klinieke beplan waarvan die senior spelers sal help met afrigting. Daar word uitgesien na die jaar wat voorlê en met jong onervare, maar vasberade spelers, gaan die Puk se naam in Wes-Transvaal en op die SAU-toernooi hoog gehou word. En les bes, RAU en Kovsies, hier kom die Pukke.

## GEWIGOPTEL IS 'N GROOT UITDAGING

**Gewigoptel is 'n sportsoort wat in die jongste tyd baie aandag in Suid-Afrika geniet het.**

Vele persone sluit by 'n liggaamsbouklub aan om na 'n jaar na die gewigoptel sport oor te gaan. Hoekom doen talle mense dit?

Die antwoord is baie eenvoudig. Gewigoptel bied soos talle ander sportsoorte 'n uitdaging aan die sportman.

Hier op die Puk is daar bykans elke dag vele mansstudente wat in die gimnasium hard besig is om te oefen. Onder hulle het hulle so half-en-half al 'n klub gestig om met ander klubs mee te ding. So byvoorbeeld word daar 'n mini intervarsity met Wits in gedagte gehou.

Daar is twee verskillende stote in gewigoptel. Ten eerste die opraap 'snatch'. Hiertydens moet die gewig met een beweging tot bokant die kop gelig word. Die 'ruk-en-wip' is die volgende stoot. Soos die naam aandui bestaan dit uit twee bewegings. Die totaal van die twee stote is die punte wat 'n gewigopteller verwerf. Punte word toegeken aan elke kg. wat 'n persoon bo sy eie gewig opstoot.

Gewigoptel kan volgens kenners vir jou as mens ook veel beteken. Dit verleen selfvertroue, deursettingsvermoë en selfdissipline aan 'n persoon in sy sport sowel as sy ander aktiwiteite. Dan is gewigoptel ook 'n sportsoort wat 'n persoon tot in sy middeljare kan beoefen.

Enige persoon wat dus bereid is om 6 keer 'n week hard te oefen, sal definitief resultate bereik in die sportsoort soos dit in enige ander sportsoort moontlik is om wel die vrugte te pluk van harde arbeid.

MOOIRIVIER PADKAFEE

van Maandag tot Vrydag teen R1,30

SPESIALE SONDAGETES TEEN R1.50

ONS IS ELKE AAND TOT MIDDERNAG OOP,

behalwe Dinsdagaande slegs tot 22h00.

Skakel tel. 21538 vir bespreking

MOOIRIVIER PADKAFEE

(Net anderkant Noordbrug op Carletonville-pad)

Kom geniet u Sondagmaal by ons!

—P3861/7

# SWART SPAN WEN PU

**Die S.A.W. se swart sokkerspan het Donderdag 23 Maart die P.U. met 4 - 2 geklop.**

Ongelukkig vir die Puk moes sy doelwagter die veld na 20 minute verlaat weens 'n besering.

Op daardie stadium was daar nog geen telling nie. Die Great Stars, soos die S.A.W. se span hulle-self noem, het hierna vinnig die doele aangeteken.

Na rustyd is daar 'n verandering aan die Pukspan gebring. Dit het geslaag, want die Great Stars kon toe slegs een doel aanteken teenoor die twee van die Puk. Een van dié doele, is na 'n strafskop aan die Pukke, behaal.

Kenmerkend van die wedstryd was dat die Pukke nie hul goeie werk met doele kon afrond nie. Die aanvalspelers het deurgaans gesukkel om op dreef te kom.

Die tipe spel van die S.A.W. het die verloorspan baie hok geslaan. Die Great Stars speel baie individualisties waaraan die Pukkie nie gewoond is nie.

Aan die kredietkant het die Pukke met goeddeurdenkte taktiese spel die aanval van die teenstanders gestuit.

In 'n ander wedstryd het Lusa van Klerksdorp Saterdag 25 Maart ook met die Puk sokkerspan afgereken.

Die wedstryd was slegs vriendskaplik deurdat Lusa in die eerste liga en die Puk in die tweede liga ingeskryf is. Die ervaring wat die spelers opgedoen het kan hulle slegs help om die Wes-Transvaalse liga in die B-liga te wen.



*Die PU-sokkerspan het op 23 Maart geskiedenis gemaak toe hulle vir die eerste keer teen 'n swart span meegeding het. (Foto Paul Slot).*

# Pukke verloor sleg

**Die Pukke het sleg teen die Transvaalse rugby-kampioenspan, "Diggers" verloor.**

Dit was seer sekerlik een van die hardste wedstryde wat die Puk nog gespeel het. Die groot telling kan toegeskryf word aan die gewigsvoordeel wat Diggers in die skrums gehad het.

Die Pukke het baie goed begin en vinnig 18 punte aangeteken. Drieë is deur Weitz, Crafford en Ben de Klerk gedruk. Jannie Tiedt het met die doelskoppe geslaag. Gerhard van Wyk het ook met 'n skepdoel geslaag.

Ben de Klerk is vroeg in die eerste helfte beseer en moes die veld verlaat.

Diggers het skielik vlamgevat en daar was geen keer aan hulle nie. Veral voorlangs het hulle die wedstryd heeltemal oorheers.

Groot manne soos Kevin de Klerk, Moaner van Heerden en Mike Jennings het stukke veld met hulle skitterende dryfspel gewen. Die meeste van Diggers se drieë het vanaf die voorspelers se dryfspel gekom. Diggers se agterlyn het nie juis beindruk nie. Hulle is egter nie veel kans gegee om te beweeg nie aangesien die Pukke se agterlyn rotsvas verdedig het. Theuns Eloff het telkens met sy plettervatte die Diggers-spelers swaar laat opstaan.

**Ruwe spel**

'n Verdere kenmerk van die wedstryd was die ruwe en selfs vuil spel aan die kant van Diggers. Hulle het dikwels met die vuis ingelê, kop gestamp en in die skrums getrap.

Die wedstryd was egter baie goed voorbereiding vir die komende rugby-seisoen. 'n Mens kan maar net hoop dat die Pukke vorentoe beter sal vaar as in dié wedstryd.



*Koos Henning, die stil, beskeie sportman met die groot hart. (Foto - Paul Slot.)*

# Sportpersoonlikheid van die week

**Koos Henning is 'n man met vele titels agter sy naam.**

Die vierde-jaar B.Sc. Bodemkunde student is nou eers 20 jaar oud en spog met dié prestasie dat hy die enigste student in Suid-Afrika is wat gekwalifiseer het om aan die onlangse Suid-Afrikaanse-gewigoptel-kampioenskappe deel te neem.

Byna het hy Springbokkleure verwerf deurdat hy 6de geëindig het. Aan die eerste vier plekke is Springbokkleure toegeken.

Koos het in sy eerste jaar met die sportsoort kennis gemaak. Gedurende sy tweede jaar aan die Universiteit eindig hy laaste op die S.A. junior byeenkoms, maar wen nogtans die Suid-Transvaalse titel vir seniors.

Hy het so vinnig opgang gemaak dat hy in 1977 die Suid-Afrikaanse-Universiteite-kampioen geword het. Die titel buit hy met 'n nuwe S.A.U. rekord.

Hier is kortliks 'n tabel van sy vordering:

| | opraap | ruk-en-wip | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1976 | 75 kg | 100 kg | 175 kg |
| 1977 | 85kg | 115 kg | 200 kg |
| 1978 | 95 kg | 120 kg | 215 kg |

Sy eie gewig is op die huidige oomblik 67 kg.

Die Suid-Transvaalse en S.A. junior rekords is ook agter Koos Henning se naam.

Om 'n PUK te wees is om 'n PUK te groet

# VAALRIVIERTAK PRESTEER

**Dit is goed om te sien dat geen afstand die Pukke keer om te presteer nie.**

Die Vaalriviertak het twee studente wat op atletiekgebied sommer op hul stukke is. Dié twee is Pieter de Jongh (hekkies) en Marais van der Merwe (200m). Albei het Wes-Transvaal atletiekbeurse vir hulself losgehardloop.

Pieter de Jongh is 'n eerstejaar B.Sc.-student. Hy het as o/17 seun die Suid-Afrikaanse titel in die 100m hekkies ingepalm. Sy beste tyd as onder sewentien was 13,3 sekondes. Hy het vanjaar op die Puk-kampioenskappe gemaklik eerste gekom. Hy oefen op sy eie, sonder 'n afrigter. Daar skuil heelwat potensiaal.

Daar is ook nog Willie Kitching wat vir die Puk se eerste krieketspan speel. Pryseswaardig is die feit dat Willie vir oefeninge sowel as wedstryde vanaf Vanderbijlpark na Potchefstroom moet reis.

Nee wat, dit is sulke dingetjies wat bewys dat die Puk-hart nog reg klop!



*Jan van den Klashorst in een van die uitspeelwedstryde tydens die tafeltenniskampioenskappe. (Foto - Jaco Pretorius).*

# Somersportsoorte nader einde

**Tafeltennis kry vanjaar meer aandag nadat dit in die verlede baie afgeskeep is.**

Die sportinstituut het 'n bedrag geld aan die tafeltennisklub gegee om sy fasiliteite uit te brei. Daar sal nou op 'n meer georganiseerde basis meegeding word.

Die Puk-kampioenskappe is op die 18de Maart gehou. Maartin Piek en Vlam du Preez was gesamentlik eerste. Dirk Barnick het tweede geëindig.

Maartin Piek, Vlam du Preez en Johan van Schaik speel Woensdag die 29ste Maart in die Wes-Transvaalse kampioenskappe - sterkte vir die manne!

Twee spanne sal gekies word om Puk in die komende intervarsities te verteenwoordig.

Die geesdrif onder die kêrels is baie hoog en daar word hard geoefen. Daar kan maar net gehoop word dat die geld wat aan die tafeltennisklub geskenk is, doeltreffend gebruik sal word om dié sportsoort aan die Puk te versterk.

## Sportkorrels

deur die Sportredakteur

# NUWE TOEKOMS VIR TAFELTENNIS

**Die somersportsoorte is baie vinnig besig om sy einde te nader.**

Vrydag 31 Maart en Saterdag 1 April is die twee groot dae vir baie van die Puk se beste atlete. Op Sasolburg vind die eerste onder een-en-twintig Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe plaas.

Op dieselfde twee dae vind die junior Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe by Pretoria plaas.

'n Week later is dit die seniors wat aan die beurt kom. Daar word dus baie styf duimvasgehou dat vele Suid-Afrikaanse titels na die Puk teruggebring sal word.

Met die afsluiting van die somersportsoorte in sig is dit die mans en dames van die wintersportsoorte wat hulle nou vinnig vir die naderende seisoen in gereedheid bring.

Die dameskoshuise oefen reeds lank om te kyk of hulle nie van jaar die dameshokkie kan wen nie.

Ván die manskoshuise het reeds al vriendskaplike rugbywedstryde gespeel om te kyk oor watter sterkte die span beskik. Dit is 'n waagstuk om hierdie tyd van die jaar al 'n wenvoorspelling te waag, maar dit lyk of die span wat bo wil uitkom eers vir Caput sal moet klop. Veral na hul heel maklike oorwinnings in die sewe-man-rugby tydens Karnaval.

Baie sal egter ook afhang van die naderende vakansie. Oefen elke speler soos wat hy behoort te oefen gaan die koshisrugby weer sorg vir 'n paar goeie hoogtepunte.